US Woordfees 2012: Groen
2-11 Maart 2012

Navrae: 021-808 2019, www.woordfees.co.za
Kaartjieverkope open op 17 Januarie 2012 by Computicket, tensy anders aangedui. Skakel vanaf 17 Januarie 021-808 2019 of 083 915 8000 of besoek www.computicket.co.za vir kaartjieaankope.

Verwelkoming van die Woordfeesdirekteur

Hartlik welkom by die (gelukkige) 13de US Woordfees! Die feestema is groen in alle betekenisse van die woord: 'Liewer 'n bloutjie loop as 'n groentjie bly,' sê die Nederlanders; 'groen is die land van die eik', sê ons. Onlangs het die COP17 klimaatberaad in die land van Natal, Durban, almal in Suid-Afrika bewus gemaak van koolstofvoetspore en aardverwarming. Ook dit is vir ons belangrik.

Groen en goud, immergroen, smaraggroen, groen vingers, ry sê die groen lig, grasgroen, groen van jaloesie; die gras aan die ander kant is altyd groener, groener weivelde soek, groenspaan op koper; groendoringboom; groen koring op die land; groendruif en groenmielie; hy's nie so groen dat 'n koei hom sal vreet nie, groen om die kiewe, groot groen eikebome kom uit klein akkertjies – noem groen en op een of ander manier sal jy dit in ons program vind (al is dit dan in die voorwoord!)

Theo Kleynhans se feesplakkaat, die groen seuntjie met die nasionale blom van Suid-Afrika wat uit sy kop groei, vang die feestema op 'n treffende manier vas. Kyk ook op die kunsroete hoe beeldryk groen beslag kry. Vanjaar doen ons allerlei groen goed soos bome plant, 'n groen maskerade-optog, 'n volmaan-staptog, 'n Velddraf met Woorde, ons praat oor die groen in die gedig, ontmoet Naas Steenkamp as *Groentjie in Londen*, luister na Gian Groen en veel meer.

Gaan gerus groen, maar geniet ook die res van ons omvattende program met (oudergewoonte) 'n enorme verskeidenheid uiteenlopende aanbiedings teen billike pryse, en dikwels selfs gratis. Dis dalk een van die redes waarom mense in Februarie 2011 per sms gestem het en ons 'n kykNET Fiesta ontvang het vir die gewildste fees. Die US Woordfees het met meer as 50% gegroei in 2011 en ons Woorde Open Wêrelde (WOW) jaarprojek vir leesbevordering het meer as 82,500 mense bereik. Ons groot dank aan ons donateurs en ondersteuners wat dit moontlik gemaak het.

Kom geniet dus die grasie van ons groen Stellenbosch, die groen jeugdigheid van ons Maties en 'n immergroen Woordfeesspan wat u almal hartlik verwelkom by Woordfees 2012!

Ontmoet die US Woordfees se kernspan

Prof. Dorothea van Zyl is direkteur van die US Woordfees en sy WOW projek. Sy doseer Afrikaanse en Nederlandse letterkunde in die US Departement Afrikaans en Nederlands, en is voorsitter van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek.

Melt Myburgh is Woordkunsprojekbestuurder en verantwoordelik vir die fees se skrywersprogram, gee klas vir studente en vanjaar bekroon met die Ingrid Jonker-prys vir sy digdebuut *Oewerbestaan*. Hy sorg vir bemarking en alles skryfverwant in die feeskantoor.

Jana Hattingh bestuur as Woordfees-organiseerder die kantoor, finansies, reis- en verblyfreëlings, funksies en skakel oorkoepelend met die koördineerders van drama, musiek en logistieke sake.

Fiona van Kerwel is as projekbestuurder van die fees se Woorde Open Wêrelde (WOW) jaarprojek verantwoordelik vir die 31 projek-aksies van hierdie snelgroeiende projek. Sy het in 2011 'n rektorstoekenning ontvang vir haar uitstekende prestasie, nadat sy in Augustus as een van die US se rolmodelle vir Onderwys aangewys is.

Shireen Crotz is WOW-organiseerder en Fiona se regterhand. Sy skakel met skole en is verantwoordelik vir finansiële bestuur, logistiek, skakeling met skole en algemene bestuur.

Inhoudsopgawe

GEBRUIKSAANWYSINGS: Soek asb. die hoofafdelings in die Inhoudsopgawe en kyk daarna chronologies in elke onderafdeling. Sien ook die volledige chronologiese en alfabetiese lyste agterin die gids, en die roetekaart op die middelblad. Skakel gerus 021-808 2019 vir enige navrae of raadpleeg die webwerf by www.woordfees.co.za. Tensy anders aangedui, is alle besprekings by Computicket.

BESPREKINGS BY COMPUTICKET: Om die beste diens by Computicket te verseker, moet u asb. die **titel van die produksie**, korrek gespel, aan die Computicket-operateur verskaf. Vir flink diens in Afrikaans, skakel Oude Libertas se Computicket-kantoor by 021-809 7473 tussen 09:00 en 17:00 op weeksdae. Besprekings open op 17 Januarie 2012.

groen seisoen

die liefde bot vanjaar
bont bloesies op die plein
selfs somber winterlane
wil die groen ding doen

- Wium van Zyl

Ons hoofdonateurs se boodskappe
Spesiaal vir ons groen seisoen
Profiele
Skrywersfees
NB-fees
Aan Tafel
Aan Tafel by De Vette Mossel
Stories agter stories
Woord-ure
Diskoers
Woordmusiek
Sanlam Dramafees
Musiekfees: Klassiek
Musiekfees: Kontemporêr
Aan de Braak-fees
Kunsfees
Kunsroete
Studentefees
Koowee Kinderfees
WOW projek

Boodskappe van ons hoofdonateurs

Prof. Russel Botman, Rektor en Vise-Kanselier: Universiteit Stellenbosch
Foto van die rektor

Die US Woordfees lê die Universiteit Stellenbosch na aan die hart, en met "Groen" as tema toon dié fees vanjaar weer 'n fyn aanvoeling vir die polsslag van ons tyd – iets wat ook geld vir die US se HOOP Projek (www.diehoopprojek.co.za), 'n kampuswye inisiatief waarmee die Universiteit belangrike maatskaplike uitdagings met behulp van sy bewese kundigheid takel.
Die US se verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap begin in sy eie omgewing, waar groter volhoubaarheid mense se lewensgehalte kan verbeter. So belemmer 'n groeiende studentetal en toenemende motorverkeer nie net ons parkeergeriewe nie, maar ook ons kampus as 'n boomryke en rustige akademiese omgewing. Daarom moedig die US meer voetgangers, fietsryers en pendelbussies, saamryklubs en openbare vervoer aan in plaas van privaatmotors, as deel van 'n nuwe kampusmeesterplan wat ons sal vestig as 'n toonaangewende 21ste-eeuse instelling, terwyl ons terselfdertyd ons ryk erfenis bewaar. Hoe groener, hoe volhoubaarder as instelling – dít is goeie nuus vir sowel die Universiteit as vir al die feesgangers op soek na die unieke Woordfeeservaring. Geniet elke oomblik! En mag dié institusionele US fees nog lank met ons wees.

Mnr. Bun Booyens, Redakteur: *Die Burger*
Foto van Bun
Die Woordfees en *Die Burger* is pasmaats. Woorde is loshande die belangrikste werktuig – en soms wapen – in 'n koerant se arsenaal. Sonder woorde is 'n koerant stom. Sonder woorde het 'n koerant nóg blaf nóg byt. Sonder woorde is die pen nie naastenby so magtig as die swaard nie.
Vir 'n koerant om betrokke te wees by 'n woordfees is dus as 't ware vanselfsprekend. En om deel te wees van die Universiteit Stellenbosch se Woordfees is 'n voorreg en plesier. Hierdie fees het in net meer as 'n dekade gegroei van 'n klein oornagfees met skaars 'n duisend besoekers, tot een van die prikkelendste en verkwikkendste byeenkomste (bygewoon deur meer as 71,000 mense) op die Suid-Afrikaanse kunskalender.
Boonop lê vanjaar se tema, "Groen", *Die Burger* na aan die hart. Die koerant het hom oor bykans 'n eeu gevestig as een met 'n sterk groen gewete. Ons wortels lê sterk in die platteland en die koerant leef na aan die bodem. Die groen-tema is moontlik dié belangrikste debat van ons era, en ons sien daarna uit om hierdie gesprek saam met Woordfees 2012 op dreef te kry. *Die Burger* praat saam. En luister.

Dr. Johan van Zyl, Groep Uitvoerende Hoof: Sanlam
Foto van Johan van Zyl

Groen=Volhoubaar=Hoogtepunt=Woordfees=Groen
Die US Woordfees is vanjaar 'n perd van 'n ander kleur, soos Sanlam wat in die tweede jaar van ons hernude donateurskap skuif van Drama- na Musiekfees. Maar Sanlam is in 2012 nie bloot as 94-jarige aangetrokke tot die bekoorlike jong US Woordfees omdat ou bokke van *groen* blare hou nie – as dit by *groen* kom, is Sanlam geen groentjie nie:
Die Sanlam Groep is by talle water-, energie- en koolstofbesparende projekte betrokke wat volhoubare ontwikkeling bevorder, maar veral ook by inisiatiewe gerig op die volhoubare ontwikkeling van die talle samelewings waarin en waarvoor ons as Groep bestaan.

Hierdie aantrekking van die US Woordfees is die hoofdryfveer vir ons betrokkenheid die afgelope vyf jaar. Ons deel nie net dieselfde visie, waardes en van dieselfde kliënte nie, maar vereenselwig ons ook met die doel om Afrikaans en verwante tale te vier en te bevorder.
Die Woordfees se sukses hiermee oor die afgelope twaalf jaar is benydenswaardig. Benewens die jaarlikse positiewe mediadeelname en -dekking op nasionale én internasionale vlak, het Sanlam se eie steekproef onder Woordfeesgangers in 2011 bevestig dat die groeiende getalle en stygende verteenwoordigende demografie van feesgangers inderdaad volhoubaar is.
Daarom is die Woordfeestema baie gepas, want die volhoubaarheid van *groen* is onontbeerlik vir die eko-uitdagings van ons planeet. En so positief as wat *groen* is, so goed is die Woordfees se inisiatiewe vir die volhoubare ontwikkeling van Afrikaans en verwante tale.
Mag US Woordfees vanjaar weer gedy as die *fees der feeste* onder alle feesgangers, deelnemers en organiseerders. Sanlam is trots om deur die kontemporêre musiekfees weer deel daarvan te wees.

Mnr. Japie Gouws, Besturende direkteur: ATKV-Groep
Foto van Japie
Die ATKV glo dat taal en kultuur uitstekende geleenthede bied om brûe tussen verskillende gemeenskappe te bou, want dit bevorder inklusiwiteit en verdraagsaamheid, dra kennis en kreatiwiteit oor en dra by tot groter begrip tussen Suid-Afrikaners.
Die Woordfees is 'n gewaardeerde vennoot met wie ons graag saamwerk weens ons gedeelde doelwitte. Dis veral die ATKV se donateurskap van en deelname aan die *Woorde Open Wêrelde* (oftewel die WOW) projek van die Woordfees wat uitstekende geleenthede bied om ook jonger Suid-Afrikaners by hierdie doelwitte in te sluit. Dit ondersteun veral die onderwysfokus van die ATKV, wat almal wil aanmoedig om oplossings vir die onderwyskrisis in Suid-Afrika te help vind.
Die gehalte en kreatiwiteit van Afrikaans wat elke jaar by die Woordfees na vore kom, is verstommend, soos blyk uit die opwindende 2012-program. Mag die Woordfees vanjaar weer al die verwagtings oortref en 'n reuse sukses wees!

Dr. Danie Cronjé, Voorsitter: Die Dagbreek Trust
(Dagbreek Trust se logo)
Die Woordfees se groen-tema sluit aan by 'n wêreldbelangrike kwessie: wat doen ons vandag sodat ons planeet môre gesond genoeg sal wees om volgende generasies te onderhou. Groen verwys na wat nodig is vir oorlewing: water, lug, grond en energie. Dit raak elke lewende organisme. Daarom maak dit sin dat die wêreld kollektief saamwerk aan kernvraagstukke en dat 'n fees soos dié ons herinner aan ons individuele verpligting.
Die US Woordfees brei die groen-tema simbolies uit na ons taal: ook Afrikaans se kosbare groenigheid word bedreig deur die mensgemaakte besoedeling van sy bronne. Ook Afrikaans se groen kwessies moet kollektief en individueel beredder word om sy gesondheid te verseker vir volgende generasies. Ons moet daarom ons bronne herwin, ons taal beskut en koester, en ons kinders wys hoe.
Die WOW projek, wat Die Dagbreek Trust ondersteun, fokus juis op die jong Afrikaanssprekendes wat gekoester moet word in hul grootwordjare sodat hulle kan gedy in Afrikaans. Ons taal se oorlewing hang af van geleenthede wat hulle nou kry. Die WOW projek laat ons kinders nuwe horisonne ontdek, ideale verwesenlik en grense verskuif in Afrikaans, maak hulle trots op en lief vir hulle taal, laat hul besit neem daarvan. Na drie jaar se betrokkenheid by die WOW projek is Die Dagbreek Trust só beïndruk met prof. Dorothea van Zyl en haar span dat ons wonder waarom ander streke dit nie nadoen nie. Ons is daarvan oortuig dat die WOW projek keer dat ons taal in skole verwaarloos of dat Afrikaanssprekende jongmense verwaarloos voel.

Die Woordfees beveel die volgende gastehuise en hotelle aan:
Vir volledige besonderhede oor ons die Woordfees se verblyfvennote, besoek www.woordfees.co.za en klik op "Verblyf".

Aan Dorpstraat
021-886 4331
aandorpstraat@papegaai.co.za

Allegria Gastehuis
021-881 3389
jan@allegria.co.za

Alvera Gastehuis
072 598 4799
info@alveraguesthouse.co.za

Baruch Gastehuis
021-882 8800
info@baruchbb.co.za

Batavia Boetiekhotel
021-887 2914
reservations@batavia.co.za

Besigheim Gastehuis
021-887 6460
besigheim@mweb.co.za

Caledon Villa Gastehuis
021-883 8912
info@caledonvilla.co.za

Casablanca B&B
021-887 0939
casablancastellenbosch@hotmail.co.za

Coopmanhuijs Boetiekhotel en Spa
021-883 8207
info@coopmanhuijs.co.za

Cultivar Guest Lodge
082 327 3344
marinda@comfortstay.co.za

Eendracht Hotel
021-883 8843
info@eendracht-hotel.com

Eikelower Gastehuis B&B
021-886 8886
info@eikelower.co.za

Fynbos Villa Gastehuis
021-883 8670
info@fynbosguesthouse.co.za

Hazelwood House
021-886 5307
info@hazelwoodhouse.co.za

House of House Gastehuis

021-886 8379
corlia@houseofhouse.co.za

Klein Welmoed Luukse Gastehuis
021-842 0045
info@kleinwelmoed.co.za

Knorhoek Gastehuis
021-886 4331
guesthouse@knorhoek.co.za

Le Verger B&B and Self Catering Cottages
021-865 2339
leverger@mweb.co.za

Magnolia Gastehuis
021-883 8799
magnolia@katelenkos.com

Majeka House
021-880 1549
reservations@majekahouse.co.za

Oak Village B&B
021-887 7889
oakvillage@volkskombuis.co.za

Onze Rust Gastehuis
021-881 3291
info@stellenboschstay.com

Orchard Lane Gastehuis
021-886 6258
orchardlane@dept.co.za

Paradyskloof Gastehuis
021-880 2538
paradyskloofguesthouse@gmail.com

Protea Hotel Dorpshuis
021-883 9881
reservations@dorpshuis.co.za

Protea Hotel Techno Park
021-880 9500
marketing@phstellenbosch.co.za

Rivierbosch
021-883 2065
koba@rivierbosch.co.za

Rosenwijn Gastehuis
021-883 3337
bookingsenquiries@roosenwijn.co.za

Rozenview Gastehuis
021-855 3613
info@rosenview.com

Rustenbosch B&B
021-887 8549

gretha@rustenbosch.co.za

Die Stellenbosch Hotel
021-887 3644
info@stellenboschhotel.co.za

Spier Hotel
021-809 1100
reservations@spier.co.za

Summerwood Gastehuis
021-887 4112
info@summerwood.co.za

Yellow Lodge Gastehuis
021-887 9660
yellodge@alternet.co.za

Spesiaal vir ons groen seisoen!

Die Groen Kamer by AAN DE BRAAK
Voel jy groen om die kiewe na 'n warm feesdag? Ontsnap na die lafenis van die Groen Kamer. Hier kan jy vermaak word en skouers skuur met ander bekendes. Gratis vir alle Woordfeeskunstenaars, maar R100 vir die publiek.
5, 6, 7, 8, 9 Maart | Aan de Braak Teater | 22:30 tot laat | R100; Gratis vir feeskunstenaars

Bome by dosyne
Aangebied deur Groen vir Lewe
Kom plant inheemse bome en struike in ons groenste jaar en help die fees se koolstofvoetspoor verklein. Sluit by Stellenbosch se munisipaliteit, skole, kerke, universiteitskoshuise en feeskunstenaars aan en gaan groen!
6 Maart 16:00 | Jan Marais Natuurreservaat | 60min | Gratis

Straatmyl
Ondersteun deur US atletiekklub, Oud-Dagbrekerbond en Sanlam. Pryse geborg deur B-Sport
Na die suksesvolle eerste Dagbreek-Maties Straatmyl ter ere van oud-Dagbreker De Villiers Lamprecht (eerste SA droommyl) nooi ons jou om deel te neem aan een van 3 wedlope in Victoriastraat: vir mans- en dameskoshuise en elite atlete. Vermaak tussendeur vir toeskouers. Vir navrae of vorms: kontak Chris (cjd@sun.ac.za) of Francois (straatmyl@hotmail.com) of sien www.woordfees.co.za. Prysuitdeling by De Vette Mossel vanaf 18:00.
7 Maart 17:30| Voor Dagbreek, De Vette Mossel | 90min | Inskrywingsfooi R10; tydelike lisensies R20

Volmaan-staptog, Klapmutskop
Aangebied deur Stellenbosch Wynroetes
Kom stap saam met ons – die son sak oor Tafelberg, en die volmaan kom op oor die Hottentots Holland. Proe wyn en bespreek 'n piekniekmandjie. Onthou jou stapskoene en 'n flits! Om te bespreek, skakel 021-884 4752 of besoek www.dirtopia.co.za.
8 Maart 17:00 | DelVera, R44 | 180min | R100 (Bespreking noodsaaklik)

Markdag, DelVera
Aangebied deur Stellenbosch Wynroetes
Geniet 'n familiedag met wyn van die Simonsberg wynroete: musiek, lekker kos, stalletjies, kinder- en druiweoes-aktiwiteite. Manouche sorg vir op-en-wakker musiek. Neem gerus 'n pendelbussie, die Vine Hopper, vanaf en na Stellenbosch. Vir meer inligting, skakel 021-886 4310 of besoek www.wineroute.co.za.
11 Maart 10:00 – 16:00 | DelVera, R44 | Gratis | Vine Hopper vertrek vanaf Stellenbosch Toerismekantoor, Markstraat 36

WOW Karnaval
In samewerking met *Son*
'n Hoogtepunt op die WOW program, met Emo en Lukmaan Adams, Idol Kelly, The Rockets, die N2 jazz band, Karin Kortje, Salome, die immergewilde Koekie en die Bakgat Boyz. 5 Groen Seisoen Plaaslike talent wys ook hul slag. WOW skole se hip-hop-dansers spook dit Vrydag 9 Maart vanaf 16:00 uit in die WOW Hip-Hopkampioenskap. Goeie en veilige gesinsvermaak met stalletjies en pretritte. Vir grootmense bied die biertent koel lafenis teen die hitte.
9 Maart 16:00 – 23:00 | 10 Maart 14:00 – 23:00 | Van der Stel Sportterrein | R10 vir leerders, R20 vir volwassenes

Skatte-jaag
Kom wen groot, met fantastiese pryse, in hierdie prettige resies: I-pads, vakansies en allerlei groen produkte – en die Groenblaar-trofee! Skryf gou in saam met 'n spanmaat vir 'n maltrap jaagtog deur die strate van Stellenbosch agter leidrade en uitdagings aan. Kyk of julle slim skuiwe die teenstanders kan uitoorlê en uitstof! Navrae en inskrywings: marlise.klopper@gmail.com.
10 Maart 09:00 (registrasie) – 16:30 | Die Braak | R200 per span (plek vir slegs 20 spanne!)

Velddraf met woorde
Ek skop stof op in my taal! Kom draf saam met ons vir die volhoubaarheid van natuur en taal. Skop die dag vroeg af met 'n 6 km 'familiejaptrap' of in 'n 'wys-joukuite 12 km vastrap' en borg die woord waarmee jy draf vir die WAT. Geniet piekniekmandjies propvol plaaslike produkte, en wyn. Navrae: Marlise, 082 955 2655. Bespreek piekniekmandjies by info@uitkyk.co.za
10 Maart 09:00 (registrasie vanaf 07:30) | Uitkyk Wynlandgoed | 60min | R30, R60

Groen maskerade
Kom neem deel aan die Woordfees se optog deur die historiese strate van Stellenbosch! Span jou kreatiwiteit in en maak jou eie masker van herwinbare afvalmateriaal. Wonderlike pryse vir die beste

maskers in verskeie kategorieë. Hoe groener en hoe oorspronkliker, hoe beter. Navrae en inskrywings: marlise.klopper@gmail.com.
10 Maart 12:00 – 14:30 | Die Braak | Gratis

Groen kuierplekke

Pompstasie
Griffel Media sorg vanjaar vir ’n gesellige uitspanplek langs die Boektent waar lesers kan ontspan met goeie boeke en goeie geselskap. Skuur skouers met jou gunstelingskrywers en laat hulle jou boeke teken terwyl jy eenstop-boekinkopies doen. Die Pompstasie is die plek om gesien te word!

Die Plataan-kafee
Hart-van die-fees agter die Sasol Kunsmuseum, met ete en drinke, groen praatjies en rooiwarm onderwerpe saam met RSG Nuus, *Die Burger* en die US Gespreksforum vir die Geestes- en Sosiale Wetenskappe. By feeskunstenaar Paul Emsley se uitstalling, die Boektent se ryk skrywersprogram en die Pompstasie se boekverkope.

De Vette Mossel
Onder die koel bome langs die Sasol Kunsmuseum is ’n rusplek, storieplek, asemterugkryplek, plek van heerlike seekos, wit sand en groen skaduwees.

Knorhoek
Die konsep ‘plat-op-die-aarde’ kry 'n magiese nuwe gedaante by Knorhoek se Towerbosch-kombuis, een van die wynland se bes bewaarde geheime net buite Stellenbosch. Hierdie knus hawe met sy kwinksinnige outydse interieur en onpretensieuse ‘ouma-kos’ is die perfekte plek vir 'n heerlike reeks Woordfees-aanbiedings.

Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill
Die legendariese Dorpstraat Restaurant Teater en die Woordfees bied vanjaar nogmaals saam die beste aan – in kuns, vermaak en kos. Musiek en woorde en onvergeetlike kuier is gewaarborg. Vir middagvertonings is die kombuis oop van 11:00 tot 12:30 en vertonings begin om 13:00. Vir aandvertonings is die kombuis oop van 18:00 tot 19:30, wanneer vertonings begin.

Profiele - Immergroen

Ondersteun deur Naspers, tensy anders aangedui.

Leon Rousseau 81

Dié veelsydige uitgewer en bekroonde skrywer het 'n onuitwisbare indruk gelaat met o.m. *Die groot verlange*, sy seminale biografie oor Eugène Marais. As jeugboekskrywer het sy *Fritz Deelman*-reeks generasies jongmense aan die lees gehou, soos ook sy bekende Storieman-reeks met storieboeke en kassette. Leon se seun Chris klink 'n glasie op sy vader wat op hierdie dag by die Woordfees 81 word, en Gerrit Brand lewer 'n oorsig van Rousseau se bydrae tot Afrikaans. Kom hou partytjie saam met ons! Dorothea van Zyl is die aanbieder.

5 Maart 19:00 | Boektent | 80min | R60

Nerina Ferreira 91

Nerina Ferreira wat vanjaar 91 word, het in die harte van Afrikaanse lesers, radio-luisteraars en TV-kykers gekruip as aktrise, radioregisseur en vertaler. Sy het onder meer Hergé se nimlike Tintin as Kuifie Afrikaans laat praat. Margot Luyt, Wilna Snyman en Nerina se seun Anton neem dié merkwaardige vrou se lewe en werk in oënskou. Beslis geen groentjie nie!

7 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R50

Marié Heese 70

Die gevierde skrywer Marié Heese word vanjaar 70. Amanda Botha stel 'n heildronk in op die lewe en werk van dié uitnemende woordkunstenaar wie se roman *Die uurwerk kantel* klassieke status bereik het. Heese lewer 'n blik op 'n skrywerslewe waarin sy ewe tuis in Afrikaans en Engels is. Aanbieder: Dorothea van Zyl.

8 Maart 17:00 | Boektent | 50min | R60

Immergroen: Jan Rabie

Aangebied deur die Dokumentesentrum, J.S. Gericke Biblioteek

Abraham H. de Vries en Dave Pepler gesels oor die lewe en werk van een van Afrikaans se lieflingskrywers, Jan Rabie. Die uitsonderlike dokumente in die Jan Rabie-versameling van die Dokumentesentrum word belig in ’n fassinerende rondleiding.

2 Maart 12:00 | J.S. Gericke-biblioteek: Ouditorium | 120min | R50

Immergroen: Riaan Cruywagen

As nuusleser en die stem van “Haas Das” het Riaan Cruywagen een van die bekendste gesigte en stemme in die Afrikaanse kultuurwêreld geword. Deesdae is dié supergewilde ikoon selfs tuis in advertensies en musiekvideo’s. Kom luister hoe gesels een van die beroemdste Suid-Afrikaners met Isabelle de Taillefer oor sy lewe en loopbaan in die kalklig.

8 Maart 14:00 | Boektent | 50min | R50

Immergroen: Patrick Petersen

Met David Pieters, Willem Fransman Jnr, Albertus Davids, Annette Fransman en Victor C Fredericks

Die digter-dominee, storieverteller en *mensch*, Patrick Petersen, is kort voor sy sestigste verjaardag oorlede. Willem Fransman Jnr. se KreAkon Toneelgeselskap bring hulde aan dié belangrike baanbreker van die swart Afrikaanse skryfkuns. ’n Multimedia-program waarin Patrick se nagedagtenis vereer word.

8 Maart 18:00 | Boektent | 50min | Gratis

Immergroen: Sandra Prinsloo

Vroue wil soos sý wees; mans wil sáám met haar wees! Sandra Prinsloo is sekerlik die mees geliefde en gerespekteerde Afrikaanse vrou op die verhoog en op die silwerdoek. Piet Croucamp probeer uitvind hoe dié *grande dame* dit regkry om ewig jonk te bly en altyd die grense te verskuif.

10 Maart 10:00 | Boektent | 50min | R50

Skrywersfees

Ondersteun deur Naspers, tensy anders aangedui.

Baasspeurder Piet Byleveld

Aangebied deur Umuzi

Suid-Afrika se beroemdste speurder, Piet Byleveld, vertel van 'n leeftyd op die spoor van die land se berugste misdadigers. Spanningskrywer Mike Nicol open die dossiere in hierdie gesprek met die gewilde oudbrigadier en sy bekende biograaf, Hanlie Retief.

5 Maart 12:00 | Boektent | 50min | R50

Bloed-wát?

Met Malene Breytenbach, Douwleen Bredenhann, Ilse Salzwedel en gespreksleier Karin Brynard

Bekroonde misdaadskrywer Karin Brynard gesels met Malene Breytenbach (*Bloedgrond*), Douwleen Bredenhann (*Bloedwater*) en Ilse Salzwedel (*Bloedsusters*) oor die rare toeval dat hulle in 2011 elk 'n eenwoordtitel wat met bloed begin, op die rakke het. Totaal uiteenlopende en oorvleuelende bloedbande word ontgin. En Karin kán bloed laat spat!

5 Maart 14:00 | Boektent | 50min | R40

Kop op 'n blok

Aangebied deur Protea Boekhuis

Die immergroen en immergewilde Philip de Vos begoël ons met 'n program vol foto's, rympies, musiek en skinderpraatjies. Hy het oor die jare van die land se bekendste mense leer ken, en daaroor skryf hy. Tussenin is daar grappe, rympies, idees en vertellings oor enige een – van Gary Player tot Eugène Terre'Blanche...

5 Maart 17:00 | Boektent | 50min | R50

Sanlam | LitNet Resensiekliniek

(Ondersteun deur Sanlam, in samewerking met LitNet) Met Marius Crous

Is jy 'n literêre snydokter wat graag in 'n gerekende publikasie wil laat hoor hoe jy voel oor jou gunsteling- (en minder gunsteling-) boeke en resensente? Voorskrifte is uit, maar kom leer die kuns van resensieskryf by Sanlam en LitNet se resensiekliniek. Kom diagnoseer wat maak die literêre bedryf gesond, wat werk, of nie, en hoekom – in 'n ontspanne atmosfeer en 'n klein groepie van 15 deelnemers. Kontak LitNet voor 20 Februarie vir besonderhede oor deelname: skryfskool@litnet.co.za. Middagete by De Vette Mossel ingesluit.

6 Maart 09:00 – 12:30 | De Hoek gastehuis | R200

Watter resensies kry die groen lig?

In samewerking met Sanlam en LitNet

Wat maak sommige resensies beter as ander, wat is die effek van resensies op die publiek, en wat is die stand van kritiek in ons koerante en aanlyn-publikasies? By dié middagete-praatjie gesels Marius Crous, Elmari Rautenbach en Kerneels Breytenbach oor resensies in Afrikaanse publikasies. Wat laat die rooi ligte flikker? Kom sluit aan vir antwoorde op dié vrae en smul aan 'n seekospot saam met 'n glasie Drostdy-Hof-wyn.

6 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 60min | R80

Waarom misdaad?

Aangebied deur Lapa

Die aanvraag na misdaadfiksie neem wêreldwyd toe. Ook in Afrikaans kan lesers nie genoeg kry nie. Karin Brynard gesels met drie Afrikaanse misdaadskrywers: Chanette Paul, François Bloemhof en Deborah Steinmair oor dié verskynsel, en oor die ontlading wat spanning kan bring.

6 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

Al skrywend aan J.M. Coetzee

Hannes van Zyl lig die sluier oor J.C. Kannemeyer se biografie van Nobelpryswenner J.M. Coetzee wat Kannemeyer voor sy dood voltooi het en wat later vanjaar verskyn. Fragmente uit die manuskrip word voorgelees deur Dorothea van Zyl, en Lucy Graham lewer 'n inleiding oor die werk van J.M. Coetzee.

7 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Inheems met Antjie Krog

'n Hoogtepunt op ons skrywersprogram! Die internasionaal-bekende Antjie Krog laat Afrikaanse tekste klink saam met inheemse sustertale: Kwedam, Xhosa en Sesotho. Voordragkunstenaars word gekomplementeer deur die klanke van inheemse instrumente.

7 Maart 12:00 | Boektent | 50min | R60

Mongane Wally Serote

Presented by the US Discussion Forum for the Humanities and Social Sciences
Multi-award winning poet, novelist and essayist Mongane Wally Serote in conversation with Leon de Kock on a lifetime in the world of literature. Serote reflects on his life journey that stretches from the Black Consciousness Movement, his student days at Columbia University and his days as an Umkontho we Sizwe cadre in Botswana. Meet this living treasure with the deep voice and huge heart.
7 March 15:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Om die droogte groen te skryf
Aangebied deur Protea Boekhuis
Met Daniel Hugo, Louis Esterhuizen, Elias P. Nel, Melt Myburgh en Lené Malan
Die noordweste van ons land is ŉ ongenaakbare, droë wêreld, maar dit lewer van Afrikaans se mooiste skryfwerk op. Hoekom? Daniel Hugo, self ŉ samesteller van ŉ digbundel oor die dorre Namibië, gesels hieroor met ŉ paneel skrywers wat goed vertroud is met die konsep “droogte”.
8 Maart 10:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Ons is nuut hier!
Ronelda Kamfer en Margot Luyt stel vars nuwe talent voor wat hulle besig hou met 'n ou kunsvorm: die digkuns. Kom kyk watter groot groen eikebome groei uit klein akkertjies. Opkomende jong stemme soos Pieter Odendaal, Nathan Trantraal, Liesl Kruger en Hendrik van Niekerk demonstreer hoe hulle nuwe groeikrag aan die poësie gee. 'n Onvergeetlike ervaring!
8 Maart 15:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Tant Miem
Met Bettie Kemp, Petra Müller, Amanda Botha en KleinMiem Rothman
Ontmoet M.E.R. (1875 – 1975) oftewel Ta’ Miem Rothmann van Swellendam, uitnemende prosaïs en joernalis. Een van die grootste Afrikaners van die vorige eeu: pleitbesorger vir armes en eensames, vurige stryder vir vroue-bemagtiging. Ook die geliefde taMiem van haar “Kaapse kinders”: Alba Bouwer, Rykie van Reenen en Audrey Blignault. Die sprekers tree vir ŉ rukkie terug in haar wêreld en dink na oor haar nalatenskap.
9 Maart 12:00 | Boektent | 50min | R40

Groen van jaloesie
In samewerking met LitNet
Met Kees t' Hart, Jan van Tonder en Kirby van der Merwe
Wat maak 'n boek só goed of 'n sin só uitstekend dat dit die groenoog-monster onder ander skrywers laat kop uitsteek? Elna van der Merwe lei die gesprek met skrywers oor die boeke en woordkunstenaars wat hulle inspireer, motiveer en sommer pleinweg jaloers maak.
9 Maart 14:00 | Boektent | 50min | R40

Neerlandistiekdag
Ondersteun deur die Nederlandse Taalunie, Kaapse Forum vir Neerlandistiek, Van Ewijck-Stigting en Fonds Neerlandistiek
Ons maak Nederlands lewendig vir studente van ses verskillende universiteite deur insiggewende lesings deur dosente, en onderhoude met die Nederlandse skrywers en kunstenaars by die fees. Kom ontmoet die groot Vlaamse digter Leonard Nolens, die bekroonde Nederlandse skrywer Kees ‘t Hart, ‘Theater van de verloren tijd’ wat gedigte voordra op versoek, en die bekende Vlaamse orrelis Stijn Hanssens. Net ŉ paar plekke vir belangstellendes – bespreek gou!
10 Maart 09:00 - 14:00 | Letteregebou: Lokaal 693 | 360min | R60 (ligte ete ingesluit)

Die tuiskoms van Wilhelmina Radebe
Aangebied deur Lapa
Steward van Wyk, Diana Ferrus en E.K.M. Dido bespreek Marinda van Zyl se roman *Die tuiskoms van Wilhelmina Radebe,* waarin op deernisvolle wyse en met historiese korrektheid stem gegee word aan die onvertelde stories van Afrikaanse *township*-moeders. Aangrypend!
10 Maart 10:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Ons geliefde digters
Ondersteun deur Leserskring; in samewerking met RSG en *By*
Leserskring stel vyf van Afrikaans se gewildste digters voor by die Woordfees: Danie Marais, Ronelda Kamfer, Daniel Hugo, Diana Ferrus en Joan Hambidge. Dié woordkunstenaars lees verse voor wat bewys waarom hulle so bemind geraak het by die Suid-Afrikaanse publiek. As spesiale toegif sluit Leonard Nolens, die grootste lewende Vlaamse digter, by hulle aan.
10 Maart | 11:00 | Boektent | 80min | R50

En soe kap ôs an!

Ietsie ouds, ietsie nuuts en ietsie tussenin! 'n Aantal opkomende digters: Joanne Bate en die kletsrym-sensasie Kaapse Woordenaar kappit an saam met gevestigde woordkunstenaars Monty Isaacs en Willem Fransman Jnr. Maak jou reg vir 'n hutspot van humoristiese Kaapse en Xhosa-verse, asook 'n goeie konkoksie kletsrym.
10 Maart 12:00 | Sasol Kunsmuseum | 50min | Gratis

OOP MIKROFOON
Valiant Swart is die gasheer vir opkomende, ongepubliseerde skrywers wat hul stemme wil laat hoor by die Woordfees. Elke deelnemer kry vyf minute om sy of haar staal te wys. Om deel te neem: stuur voor 1 Maart 2012 'n e-pos aan Melt Myburgh by woord@sun.ac.za. Wie weet, miskien is daar 'n uitgewer op die uitkyk vir groen koring op die land.
10 Maart 15:00 | Erfurthuis | 90min | Gratis

Roepman: Jan van Tonder
Die filmsukses van Jan van Tonder se *Roepman* het dié skrywer se loopbaan na nuwe wentelbane verplaas. Pasella-aanbieder Vicky Davis gesels met Jan oor *Roepman* se sukses as boek en film, asook oor sy jongste publikasie *Anderkant Omdraai*.
10 Maart 16:00 | Boektent | 50min | R40

NB-fees

Die rolbalspeler
Elize Parker gesels met Zain Eckleton oor sy debuutroman *Die rolbalspeler*, 'n ontroerende verhaal van 'n jong man wat vir die eerste keer in sy lewe sy voete vind. Sy gesiggestremdheid is dalk 'n hindernis, maar niks skeel met sy verstand en met sy hart nie. Maak kennis met ŉ skrywer wie se werk jou uitsig op die lewe sal verander.
6 Maart 11:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Theo Kemp en Carina Stander
Twee talentvolle skrywers saam op een verhoog! Theo Kemp (voorheen Woordfeesprojekbestuurder) se *Skool* ondersoek die krisis wat heers in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. In Carina Stander se *Wildvreemd* laat agt ek-vertellers hul skuld én broosheid blyk. Kom luister hoe praat dié jong woordkunstenaars oor hul ambag.
6 Maart 14:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Van Vellerif tot Lammersbaai
Met E. Kotze en Hermione Suttner
Twee Weskus-skrywers ontmoet! Sussie Kotze (E. Kotze) is die veteraan van hoogstaande kortverhaalbundels soos *Halfkrone vir die Nagmaal* en romans soos *Toring se baai* en *Hoogty*. Hermione Suttner is die nuweling met *Bitter heuning*. Hulle vertel meesleurend oor die see, die veld en "Vêllerif", soos die Weskussers van die prentjiemooi rivierdorp praat. Suzette Kotzé-Myburgh en Linda Rode lei die gesprek.
6 Maart 16:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Marzanne Leroux-Van der Boon
In samewerking met *Leef met hart en siel*-tydskrif
Lux Verbi stel die vyfde roman in Marzanne Leroux-Van der Boon se Israel-reeks, *Go'El Yisra'el,* bekend. Geliefde karakters soos Marc en Rivkah keer terug – lesers sal hulself opnuut verdiep in hul lief en leed. Die bekroonde skrywer vertel meer van die boeiende roman en van haar reise na Israel om die reeks getrou en geloofwaardig aan te pak.
7 Maart 11:00 | Boektent | 50min | Gratis

Pirouette
In Aniel Botha se debuutdigbundel *Pirouette* word balletterminologie en die hospitaal-milieu van eetversteurings saamgebind in ŉ helder besinning oor gebrokenheid, verwonding en psigiese kwelling. Joan Hambidge gesels met die digter oor dié bundel waarmee ŉ bevrydende sprong na heling gegee word.
7 Maart 14:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Joan Hambidge: Lot se vrou
Uitgewer Etienne Bloemhof gesels met Joan Hambidge, een van die bekendste literêre figure in Afrikaans. *Lot se vrou* is ŉ bundel 'woordverse' waarin die idee nie ondergeskik gestel word aan die woord nie. Selde nog het Hambidge die 'gevaarlike woord' so onverskrokke gehanteer soos in hierdie bundel, wat beskou word as van haar rykste werk tot op hede.
7 Maart 16:00 | Boektent | 50min | Gratis

Werkswinkel: Sanlam-Prys vir jeuglektuur
In Oktober 2012 word die wenners van die 2011-kompetisie bekroon en die boeke landswyd bekendgestel. Tafelberg bied hierdie slypskool aan om voornemende skrywers toe te rus met wenke en riglyne vir die skryf van ŉ wenboek. Derick van der Walt, voorheen bekroon vir *Lien se lankstaanskoene* en *Willem Poprok*, is aan die woord saam met Susan Samuel, een van die vorige beoordelaars.
7 Maart 16:00 | Erfurthuis | 120min | R60

Nuwe stemme 5
Die inskrywings vir *Nuwe stemme 5* sluit binnekort. Kom luister na digters wat in dié bekende Tafelberg-reeks gedebuteer het, soos Melt Myburgh, Fourie Botha, Danie Marais, Toast Coetzer en Bibi Slippers. Heilna du Plooy en Loftus Marais, die samestellers van die nuwe bloemlesing, gesels ook oor die opwindende projek wat voorlê.
7 Maart 18:00 | Boektent | 50min | Gratis

Die water wat verby is
"Met die water wat verby is sal jou meule nooit weer maal," het Langenhoven gesê. Wat verby is, is verby. Maar die verlede is nie onherroeplik nie. Die literatuur kan dit tot lewe wek en nuwe betekenis daaraan gee. Bekende Stellenbossers Johan en Ria Smuts gesels met Kerneels Breytenbach oor hul kortverhaalbundel *Die water wat verby is*.

8 Maart 11:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Getuienisverhale
Aangebied deur Lux Verbi
Die kuns om 'n getuienisverhaal geloofwaardig te skryf: Benescke Janse van Rensburg, skrywer van *Ontdek God in die stories van mense* en *Wysheid - 31 oordenkings uit Spreuke,* en Helana Olivier, skrywer van *Ware verhale van geloof* en *Ware verhale van hoop,* ruil gedagtes uit hoe om mense se geloofstories en geloofspaadjies getrou uit te beeld en hoe om met die sensitiewe gegewens te werk sodat dit aangrypend vir lesers oorvertel kan word.
8 Maart 14:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Derick, Fanie, Francois en Maya!
Johan Anker tree in gesprek met jeugskrywers van Human & Rousseau en Tafelberg oor hul jongste boeke: Derick van der Walt, Fanie Viljoen, François Bloemhof en Maya Fowler. Nuwe tendense in die Afrikaanse jeuglektuur, en die verskille en ooreenkomste tussen die skryf van jeug- en volwasse fiksie, word bespreek.
8 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

Sirkusboere
Sonja Loots se roman is die verhaal van oud-Boerestryders se deelname aan Fillis se sirkus – enersyds die verhaal van mense wat van hul ergste trauma 'n sirkus gemaak het; andersyds die verhaal van iemand wat weet hoe om die mens se aptyt vir skouspelagtige geweld uit te buit. Piet Croucamp gesels met die skrywer oor haar tweede roman.
8 Maart 16:00 | Boektent | 50min | Gratis

Kaapstad Karma-Polisie
Louis de Villiers se adrenaliengedrewe, onthutsende debuutroman is vol drama, humor, satire, aksie en nogmaals aksie uit die boonste rakke, maar wees gewaarsku: Dié boek het 'n skop soos 'n omgesukkelde muil en is beslis nie vir sensitiewe lesers geskik nie. Pieter Redelinghuys gesels met dié rugbyjoernalis wat sy buiging as fiksieskrywer maak.
8 Maart 18:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Soetgoed
Bekende kosskrywer en kosredakteur van *Huisgenoot* en *You*, Carmen Niehaus, gesels met Marlene van der Westhuizen oor haar jongste boek *Soetgoed*. Marlene is ook die skrywer van die topverkopers *Delectable* and *Sumptuous.* In *Soetgoed* bring sy bekende Kaapse staatmakers en heerlike ouwêreldse smake uit die Franse platteland bymekaar. Kom geniet koffie, tee en 'n kolwyntjie saam met Marlene.
9 Maart 11:00 | Erfurthuis | 50min | R40

SA se eerste erfridder
Albert Grundlingh gesels met die skrywer Ebbe Dommisse en Sir David Graaff, die kleinseun van Sir David Pieter de Villiers Graaff, oor dié invloedryke politikus wat 'n hoogs suksesvolle sakeman was, asook 'n entrepreneur wat as die pionier van koelbewaring in Suid-Afrika 'n fortuin uit bevrore vleis en voedsel opgebou het.
9 Maart 14:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Die oorsprong en uiteinde van alles?
By dié bekendstelling van *God? Gesprekke oor die oorsprong en uiteinde van alles* gesels Elna Boesak met die samestellers George Claassen, 'n uitgesproke ongelowige, en Frits Gaum, 'n oortuigde Christen, oor die kontroversiële vraag of God bestaan of nie, en wonder oor die sin van ons lewe op aarde. Bydraers Dave Pepler en Cecile Cilliers lewer ook 'n bydrae tot die bespreking.
9 Maart 16:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Die formidabele Bakkes-broers
Die avonturier-skrywers en wêreldreisigers Christiaan en Johan Bakkes stel hul jongste boeke bekend. Christiaan se nuutste in die *Stoffel*-reeks, *Stoffel op safari*, omvat weer 'n veelheid fasette van sy lewe in die wildernis van die Kaokoveld en Damaraland. *Oepse daisy* van Johan is oudergewoonte heerlike, avontuurlustige vertellings oor ver én naby reise – propvol humor, maar nooit sonder deernis vir die medemens nie.
9 Maart 18:00 | Boektent | 50min | R40

Mankepank en ander verse
Met Antjie Krog en Diek Grobler
Hierdie allermooiste Tafelberg-produk is 'n keur van nuwe, sowel as voorheen gepubliseerde verse deur Antjie Krog. Sy vertel die storie van Mankepank, die pad wat die gedigte van 1985 tot nou geloop het, en

lees verse voor. Soos net sy kan! Diek Grobler se illustrasies vir die boek word vertoon. Hy gesels oor sy benadering tot die projek, die uitdagings daaraan verbonde en die kunsvorme wat hy gebruik het.
10 Maart 17:00 | Boektent | 50min | R40

Gedigte rondom die gedagte van geel
Petra Müller, een van die voorste Afrikaanse digters, se nuwe ongewone bundel is gewy aan die son, wat in die verskillende gele van aarde en hemel besing word as die bron van lewe. Aan die een kant skakeer die geel na wit – hoofsaaklik van die maan – en aan die ander kant na die rooi van vuur, lawa, orkane en tsoenami's. Moenie dié grootse talent misloop nie!
10 Maart 18:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Stories agter stories

Tweegesprekke met skrywers

Bad Sex

Bibi Slippers gesels oor die gender-gordyn heen met Leon de Kock oor wat 'Bad Sex' nou eintlik beteken, en hoeveel meer (of minder) dit beteken as die teenoorgestelde (of ander kant?) van 'goeie seks'! Die gesprék volg natuurlik op De Kock se veelbesproke roman, *Bad Sex*.

5 Maart 11:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Die Siener se visioene

Aangebied deur Lapa

Martiens van Bart gesels met Andries Raath oor sy omvattende studie, *Niklaas van Rensburg – die Siener*, wat strek van die heldersiende se voorgeslagte tot en met sy dood. Siener word geplaas teen die agtergrond van sy gesinslewe, godsdienstige omgewing, veldslae tydens die Anglo-Boereoorlog en sy verbintenis met generaal De la Rey.

5 Maart 11:00 | Boektent | 50min | R40

Ingeboek

Aangebied deur Griffel Media

Karen Kuhn se debuutdigbundel ondersoek die nosie van “ingeboek” wees. Die pasiënt in die inrigting progresseer tot digter wat binne die digkuns 'n tuiste vind. Temas wat ontgin word, is reis, politiek, liefde en die religie. Kom ontmoet die digter.

5 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Lendetaal

Ondersteun deur Protea Boekhuis

Die gay cowboy? Die lyntekening, ja, maar is hy straight? Wat van die naakfiguur, manlike naakfiguur in die kuns? Kom luister hoe Amanda Botha en Louise Viljoen gesels oor die vrae wat Hennie Aucamp stel in sy boek getiteld *Lendetaal*.

5 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

Sofie van Groot Daan

Aangebied deur Griffel Media

In die Knysna-boswêreld van die 1930’s en -40’s gaan werk die eenvoudige Sofie by Groot Daan, met sy familie en doodsiek vrou Miets. Met haar spesiale aanslag en sagtheid kruip Sofie stadig maar seker in die harte van die Gerber-gesin. Kom luister hoe gesels skrywer Keith Cornelis-Britz oor dié treffende boek.

5 Maart 15:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Groentjie in Londen – Naas Steenkamp

In sy dae as junior diplomaat by Suid-Afrikahuis in Londen het Naas Steenkamp allerlei avonture beleef. Naas woelinge op die politieke front in die onstuimige laat 50’s en vroeë 60’s het hy 'n verskeidenheid fassinerende uitdagings die hoof gebied. Kom luister na sy wedervaringe, soos opgeteken in *Op 'n galop na Buckingham-paleis*.

6 Maart 12:00 | Boektent | 50min | R40

Oktober, ’n 21ste eeuse sprokie

Aangebied deur Protea Boekhuis

“Wat is die sin van ’n verhouding met ’n expiry date?” Jo, ’n fotograaf, en Leigh, ’n popsanger, ontmoet mekaar terwyl Leigh wag vir ontstellende nuus van haar dokter af. Wat daarna gebeur, vorm die basis vir ’n 21ste eeuse liefdesverhaal; en ’n ongelooflike debuut deur Reney Warrington. Izak de Vries lei die gesprek.

7 Maart 10:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

’n Lyf onthou

Aangebied deur Naledi

Erotiek. Daaroor gaan Riette Rust se splinternuwe debuut-kortverhaalbundel, *’n Lyf onthou* (Protea). *Rapport*-joernalis Marlene Malan lei die bespreking. Riette en Marlene vertel ook na aanleiding van Riette se boek, *Lang bene & Lipstiek* (Naledi), hoe jy erotiese kapitaal kan kry en só tot 15% meer per jaar kan verdien.

7 Maart 17:00 | Boektent | 50min | R40

Sexy medisyne

Sexy medisyne is 'n mediese handboek geskryf deur *Die Burger*-rubriekskrywer Heinz Mödler. Hierdie boek is nie die een wat op jou dokter se eikehout-lessenaar lê en oopgeslaan word wanneer jy hom vra hoeveel longe mens het nie. Hier lees jy van mense wat goeters hoor, sien en doen wat jy nie sommer gaan glo nie. Rachelle Greeff vra die vriendelike dokter uit.

8 Maart 12:00 | De Vette Mossel | 50min | R40

Corlia Fourie
Die bekroonde Corlia Fourie is tuis in verskeie genres: artikels, verhoog- en radiodramas, kortverhale, romans en kinderverhale. In 'n gesprek met Amanda Lourens lig sy die sluier oor *Die geheime kamer*, 'n naelkou-riller oor 'n psigopaat wat 'n joernalis ontvoer en aanhou in sy superskoon huis.
8 Maart 16:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Rykie van Reenen – 'n lewe
Rykie van Reenen was as joernalis superbekend en ’n allemansvriend met *joie de vivre* in oormaat, maar as persoon uiters privaat. Elmari Rautenbach, Media24 se boekeredakteur en ’n peetkind van Van Reenen, praat met Lizette Rabe, skrywer van *Rykie – ’n Lewe met woorde,* oor dié ikoniese joernalis en haar nalatenskap.
9 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

Soom
Aangebied deur Griffel Media
Soom is die langverwagte debuutbundel uit die pen van prof. Hennie van Coller, hoof van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Vrystaat-Universiteit. Kom luister na wat hy vertel oor ’n vervloë era uit die Lae Lande en Suid-Afrika wat in hierdie bundel opgeroep word.
9 Maart 15:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Musikant, akteur, skrywer, pa
Aangebied deur Lapa
Valiant Swart, een van ons veelsydigste kunstenaars, het gewildheid verwerf as rubriekskrywer waarin die lief en leed van sy status as ruk-en-rol gesinsman op dikwels komiese wyse weergegee word. Andries Bezuidenhout gesels met Valiant oor *Trouens en terloops* wat pas verskyn het.
10 Maart 11:00 | Protea Boekwinkel | 50min | Gratis

Een stad, drie rooikoppe, sewe dae
Aangebied deur Lapa
Fey, ’n ontkleedanseres, raak saam met die geskeide Heleen en die voormalige model Saskia deurmekaar met ’n moordlustige groep kriminele. Dié aweregse stadsriller oor sewe dae in die lewe van dié vroue bied ’n vars en skreeusnaakse blik op die lewe in Kaapstad. Lili en Adeline Radloff lig die sluier oor dié opwindende verhaal.
10 Maart 12:00 | Protea Boekwinkel | 50min | Gratis

Poppekas
Aangebied deur Lapa
Poppekas, Deborah Steinmair se nuwe boek, is ’n spanningsverhaal met skop. Kom luister hoe vertel dié bekroonde skrywer oor moord in die Moederstad en van een vreeslose vrou wat net mooi genoeg gehad het. Die heldin durf die korporatiewe reuse kaalvuis aan, koes vir die koeëls en stoei met bestaanskwessies.
10 Maart 14:00 | Protea Boekwinkel | 50min | Gratis

Die moord op Francis
Aangebied deur Griffel Media
In Jan van der Merwe se boek word feite en fiksie intiem verweef in ’n samesweringsteorie oor die Afrikaner se donkerste geheime. Vroeg in hierdie spanningsroman word Francis Victor, die Afrikanerbond se eerste vroulike direksielid, vermoor. Was haar binnekennis van die AB se geheime fondse moontlik die rede vir haar vroeë dood? Die skrywer lig die sluier.
10 Maart 15:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Woord-ure

Wandeling oor argitektuur
Hoe goed ken jy die argitektoniese skatte van Stellenbosch se middedorp? Matilda Burden neem jou op ŉ staptog wat jou met ander oë sal laat kyk na die hart van die Eikestad met sy ryke skakerings van argitektoniese juwele.
5-10 Maart 17:00 | Vertrek vanaf Erfurthuis | 60min | R40

Van groentjie tot skrywer
In samewerking met LitNet. Met Fourie Botha, Nicole Jaekel-Strauss en Theo Kemp in gesprek met Bibi Slippers
Om te skryfskool of nie: 'n gesprek oor die voor- en nadele van skryfskole aan universiteite. Die invloed van die mentor en die langtermyn impak van die skryfskool word bespreek. LitNet se Bibi Slippers stel vrae aan jong skrywers wat deur die meul is.
5 Maart 14:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Geloof in 'n postmoderne tyd
Aangebied deur Griffel Media
Die begrippe wat Christene gebruik as daar oor geloof praat en dink, kom uit 'n tyd lank gelede – ontleen uit geskrifte soos die Bybel en belydenisskrifte, wat ontstaan het lank voor die moderne wetenskap. Skrywer Ben du Toit vertel hoe mense hul geloof in God vertaal in hedendaagse terme.
5 Maart 16:00 | Boektent | 50min | Gratis

Treasures of the Getty Villa
Presented by US Discussion Forum for the Humanities and Social Sciences. With Samantha Masters from the Department of Ancient Studies
The Getty Villa in Malibu, California, is a realisation of J. Paul Getty's dream to recreate the ancient Roman Villa dei Papiri from Herculaneum, destroyed by the eruption of Vesuvius in 79 CE. The Villa now houses one of the finest ancient art collections in the world, though it has been recently tainted with controversy around the illicit acquisition of certain artefacts. This visual lecture explores the fascinating Getty Villa and its treasures, as well as recent intrigues and court cases involving the museum.
5 March 16:00 | Erfurthuis | 50min | Free

Cas van Rensburg
Die prinses in elke vrou is die jongste boek deur Cas van Rensburg, bekende skrywer, kenner van die Jungiaanse sielkunde en droomanalise. Aan die hand van die Sneeuwitjie-sprokie en gegewens oor hedendaagse prinsesse lei hy jou tot die ontsluiting van jou innerlike potensiaal om die vervulde mens te word waarvoor ons almal bestem is.
6 Maart 10:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Die lewens van John Kannemeyer
Die monumentale woordwerker en gevierde literêre historikus John Kannemeyer is onlangs oorlede. In hierdie huldigingsgesprek praat Louise Viljoen oor sy vroeëre loopbaan, Wium van Zyl oor sy latere jare en Hermann Giliomee oor sy bydrae as biograaf. Dorothea van Zyl is die gespreksleier.
6 Maart 11:00 | Boektent | 50min | R40

Lyk goed, luiaard!
Aangebied deur Griffel Media
Lyk Goed, die lui gids vir ŉ beter lyf, is ŉ ongewone handleiding waarin Jan van Rensburg vanuit ŉ luiaardsperspektief verduidelik hoe mans en dames hul liggame kan omvorm om op hulle heel beste te lyk met die minste moontlike moeite en opoffering, maar met blywende sukses. Die skrywer deel eerstehands wenke uit!
6 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Uit die mond van die leser
Met Wilna Adriaanse, Carina Diedericks-Hugo, Naomi Bruwer en Madri Victor
Koerantresensies raak dalk minder, maar sosiale netwerke, gesprekforums en blogs verander elke leser in ŉ kritikus en kuberresensent. Skrywers kry meer lesersterugvoer as ooit. Hoe belangrik ís die leser se oordeel? Kom luister wat sê ons uitgelese paneel.
6 Maart 14:00 | Boektent | 50min | R40

Politiek op papier
In samewerking met LitNet. Desmond Painter gesels met SJ Naudé, Alexander Strachan en Helena Gunter
Hoe vind die tydsgees beslag in ons skrywers se werk? In hierdie gesprek word die skrywer se rol as sosiale en politieke kommentator bekyk aan die hand van uiteenlopende tekste.

6 Maart 15:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Is die gras groener anderkant?

In hierdie eenvrouvertoning vertel die geliefde Tossie Lochner van haar 40 jaar tussen Italiaanse kleinboere, vanwaar sy insetsels vir Monitor gedoen het. ’n Dawidsbeeld, Pinocchio-marionet en ’n skoonma uit die hel maak deel uit van hierdie meesleurende aanbieding. Italiaanse herinneringskuns is te koop.

6 Maart 17:00 | Boektent | 50min | R40

Slaphakskeentjies

Dine van Zyl en Willem Botha praat oor Boerekos – die gebruike, die tradisie en die herkoms van die woorde – en dit alles in die kwylbek klank van Afrikaans. Kry ’n proeseltjie vooraf, sluk ’n glasie en wen ’n woordeboek of kosboek. ’n Waarborg vir lag en lekkerkry, met ’n titseltjie nostalgie daarby.

7 Maart 14:00 | Boektent | 50min | R40

Hier staan ek

Aangebied deur Griffel Media. Met Lina Spies, Annelize Vermaak, Jean Oosthuizen en Leon Atterbury
Al hoe meer mense vra kritiese vrae oor die geloof waarmee hulle groot geword het en vind alternatiewe maniere om die spirituele te beleef en te verwoord. In dié paneelbespreking voer sprekers 'n openhartige gesprek oor hul sienings en ervarings.

8 Maart 10:00 | Boektent | 50min | R40

Schreiner, kampvegter vir Afrikaans

In die dekade voor die Anglo-Boereoorlog het die skrywer en menseregte-aktivis Olive Schreiner ’n pro-Boer-veldtog in die Kaapkolonie en in Engeland gevoer as teenvoeter vir die Engelse propaganda-aanslag teen Afrikaners landwyd. Martiens van Bart lig die sluier oor ’n Schreiner wat onbekend is vir huidige generasies.

8 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Die groen in die gedig

Wat is ekokritiek? Hoe lyk ’n ekogedig? Wat het Darwin en DNA hiermee te doen? En hoe lyk ’n wurmtegniek? Digter en akademikus Susan Smith gesels oor die groen in die gedig aan die hand van enkele Afrikaanse en internasionale verse en ruim sommer ’n paar wanpersepsies uit die weg. ’n Móét vir alle poësie-aanhangers.

9 Maart 10:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Die Joy Aken-dossier

Aangebied deur Protea Boekhuis
Chris Marnewick wys waarheid is erger as fiksie. Die Joy Aken-dossier vertel die verhaal van Clarence Gordon van Buuren wat in 1957 skuldig bevind en tereggestel is na die moord op Joy Aken. Hy het tot op die einde skuld ontken. Daar was 'n seksuele verhouding en verminking van die lyk... Maar kom luister self wat die skrywer verklap oor al die tergende geheime.

9 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Pomp 12

Aangebied deur Griffel Media
Die welbekende Rudi Stroebel lei met groot élan en entoesiasme ’n paneelbespreking oor die nuwe en opwindende twaalfde uitgawe van *Pomp*. 'n Vrolike geleentheid waaraan verskeie *Pomp*-bydraers deelneem. Moenie dit misloop nie!

9 Maart 16:00 | Boektent | 80min | Gratis

Verkragting

Aangebied deur die US Gespreksforum vir die Geestes- en Sosiale Wetenskappe
Ten einde die hoë verkragtingsyfers in Suid-Afrika te probeer verstaan, werp Louise du Toit lig op hoe vroulike seksualiteit geobjektiveer word tot seksuele besitting. Die pogings teen verkragting word telkens gestuit deur hierdie grondliggende benadering, met slegte gevolge vir slagoffers. Sy ondersoek ook die nuwe Suid-Afrikaanse verkragtingswetgewing.

10 Maart 11:00 | Erfurthuis | 50min | Gratis

Gwen Fagan

Gwen Fagan is ’n skrywer oor rose, historiese geboue en tuine, maar as bobaas *ranconteur* ken sy ook die lewe op Stellenbosch en in die Swartland soos haar handpalm. As kenner van rose het sy haas geen gelyke nie. Kom luister na Amanda Botha se gesprek, oor onder andere rose, met dié inspirerende vrou wat die lewe omhels en nie stuit vir opofferings nie!

10 Maart 12:00 | Erfurthuis | 50min | R40

Na die naaimasjien

Met Sandra Prinsloo, Rachelle Greeff, Hennie van Greunen en Leon de Kock
Met ’n speelvak wat oor jare gestrek het, het Rachelle Greeff se bekroonde drama *Die naaimasjien* min gelyke. Dié suksesverhaal word voortgesit met ’n Engelse vertaling wat vanjaar in Engeland opgevoer word. In dié bespreking vertel die dramaturg, vertaler, aktrise en regisseur van hul ervaringe met hierdie stuk.
10 Maart 15:00 | Boektent | 50min | R40

Aan tafel

Simonsberg Wynroete
Aangebied deur Stellenbosch Wynroete

Woord en wyn
Nuut by die US Woordfees – 'n eksklusiewe aanbod! Kom geniet 'n intieme middagete saam met uitsonderlike Afrikaanse skrywers en ikone! Sit aan vir heerlike wyn en watertandgeregte saam met Simonsberg se wynmeesters en jou gunsteling-Woordfeespersoonlikheid. Slegs 12 mense per tafel. Bespreek dadelik om teleurstelling te voorkom!

Woord en wyn 1: **Sandra Prinsloo**
Neil Ellis van Neil Ellis Wyne trakteer gaste op 'n wynproe, waarna vir 'n heerlike middagete aangesit word saam met Sandra Prinsloo, Suid-Afrika se bekende en beminde aktrise.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Neil Ellis Wyne, Helshoogtepad, R310 | 180min | R250

Woord en wyn 2: Riaan Cruywagen
Delheim se mede-eienaar, Nora Sperling-Thiel, stel gaste voor aan die landgoed se beste druifprodukte. Riaan Cruywagen, 'n ware Suid-Afrikaanse ikoon, sorg vir sjarmante, gevatte en uitstekende geselskap.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Delheim, R300 | 180min | R250

Woord en wyn 3: Bakkes-broers
Johann Krige (mede-eienaar) en Abrie Beeslaar (keldermeester) van Kanonkop bederf gaste met 'n vertikale wynproe en 'n snoekbraai. Die gewilde skrywer-broers Johan en Christiaan Bakkes vertel stories dat dit gons en verskaf humoristiese geselskap uit die boonste rakke.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Kanonkop, R44 | 180min | R250

Woord en wyn 4: Annelie Botes
Morgenhof se wynmaker spog met sy beste produkte terwyl die gewilde Annelie Botes gaste vermaak met guitige staaltjies. Kom klink 'n paar glasies en smul aan 'n middagete wat jy nie gou sal vergeet nie.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Morgenhof Landgoed, R44 | 180min | R250

Woord en wyn 5: Jannie Mouton
Estelle Lourens, Uitkyk se wynmaker, verwelkom gaste met 'n glasie in die hand. Sakereus Jannie Mouton, oor wie se lewe *En toe fire hulle my* onlangs verskyn het en groot opslae maak, hou Woordfeesgangers gese
lskap oor 'n hartlike middagmaal.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Uitkyk, R44 | 180min | R250

Woord en wyn 6: Kerneels Breytenbach
Muratie se eienaar, Rijk Melck, deel sy beste wyne terwyl skrywer en smulpaap Kerneels Breytenbach saam aansit vir 'n heerlike middagete vol kwinkslae.
9 Maart 12:00 vir 12:30 | Muratie, Knorhoekpad | 180min | R250

Aan tafel by Knorhoek

André P. Brink
Die internasionaal gevierde André P. Brink gesels oor *Philida*, sy slaweroman wat later vanjaar verskyn. Dié roman speel af op die destydse plaas Zandvliet (vandag Delta) tussen Stellenbosch en Franschhoek. Kom sit aan vir 'n heerlike maaltyd saam met een van Afrikaans se grootstes!
5 Maart 12:00 vir 12:30 | Towerbosch Aardkombuis, Knorhoek | 200min | R190

sout+peper
Ondersteun deur *Tuis*-tydskrif. Met Niël Stemmet, Sonja Jordt en Renata Coetzee
In dié verrykende driegesprek gesels Sonja met Niël oor sy nostalgiese debuutboek, *sout+peper*, wat sy eie lewensreis deur landskappe van stories en kos vertel. Renata Coetzee, erfeniskos-doyen, hou 'n wakende oog. Wyn uit Knorhoek se privaat kelder word geskink en 'n verruklike driegangmaal word voorgesit.
8 Maart 12:00 vir 12:30 | Towerbosch Aardkombuis, Knorhoek | 200min | R180

Aan tafel by De Vette Mossel

Bek sonder brieke

In samewerking met Protea Boekhuis
Elias P. Nel en Joey Erasmus laat leef die hoogpratende oom Goltros se stories met woord en musiek. Nel is ’n meesterverteller en Oom Goltros is die Noordkaap se antwoord op Oom Schalk van die Groot Marico. So, kom lag saam, maar bring ook maar ’n sakdoekie! Die rieldansers kom sand opskop en harte steel.
6 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 120min | R190

Storievuur
Met Johan Bakkes, Christiaan Bakkes, Gerrit Rautenbach, Ronelda Kamfer, Ulla Pakendorf en die Kaapse Affodille Dames Boereorkes
’n Instelling op die feesprogram! Vanjaar sorg die knapste storievertellers vir vermaak wat die tone laat tintel en die hartsnare roer. Kyk of jy De Vette Mossel se agtgang seekosmaal kan baasraak terwyl die Kaapse Affodille jou voete laat jeuk vir passies in die seesand.
8 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 150min | R200

Soete Groete
Met Alexander Strachan, Petra Müller, Diana Ferrus, Leonard Nolens en Kees t’ Hart. Musiek deur Emile Minnie, aanbieder Dorothea van Zyl
By hierdie prestige-geleentheid is die room van die Afrikaanse, Vlaamse en Nederlandse letterkunde heerlik informeel saam op een verhoog, met Emile Minnie wat ernstig én guitig saampraat in liriek en musiek. Die agtgang seekos-ete sorg vir ’n jolige feestelike belewenis!
10 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 150min | R180

Ontbyt by De Vette Mossel
Kom geniet ’n gesellige ontbyt by De Vette Mossel, met jou voete in die Woordfees se eie tuisgemaakte seestrand. Formidabele skrywer Riana Scheepers sorg dat jou aandag gefokus bly op vier merkwaardige Afrikaanse mans. Klink ’n glasie vonkelwyn op die heel beste in ons geweste!

Murray La Vita
Murray La Vita het hom onderskei as een van die suksesvolste onderhoudvoerders van ons tyd. Hierdie Groot Sagmoedige Reus kry dit reg dat die belangrikste mense van ons tyd – politici, kunstenaars, aktiviste en meningsvormers – telkens hul siele vir hom ontbloot. Sy onderhoude lei tot merkwaardige, sensitiewe gesprekke wat ’n onuitwisbare indruk op sy lesers laat. Maar hierdie keer word die onderhoudvoerder ondervra!
8 Maart 09:00 | De Vette Mossel | 50min | R90

Louis Jansen van Vuuren
Louis Jansen van Vuuren is een van ons veelsydigste kunstenaars: ’n skilder wat met sy verfkwas verhale vertel en skrywer wat met pen en potlood skilderye maak. Kom ontmoet hierdie flambojante persoonlikheid wat met sy vymskerp humorsin teater te skep uit die gewone!
9 Maart 09:00 | De Vette Mossel | 50min | R90

Reuben Riffel
Reuben Riffel, *chef extraordinaire,* restaurateur en skrywer, laat jou mond sommer sonder kos al water. Sy fenomenale opgang van kelner en kroegman tot gesogte Sjef van die Jaar, en die aanwysing van *Reuben’s* as Restaurant van die Jaar, is merkwaardig. Kom vind uit watter aandete maak hierdie beskeie man, wat ’n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword het, saans vir sy eie gesin!
10 Maart 09:00 | De Vette Mossel | 50min | R90

Etensuur-gesprekke by De Vette Mossel
Kom luister hoe gesels die akteurs van die Woordfees se Dramaprogram oor trefferproduksies waarby hulle betrokke is. Kry sommer ’n vinnige gereg van De Vette Mossel se heerlike middagspyskaart terwyl jy jou vergaap aan ons voorste teatermense in informele luim. Kaartjies net beskikbaar by De Vette Mossel se ingang:

Mooi Maria
André Roothman, Isadora Verwey, Waldemar Schultz, Anthea Thompson, Neels van Jaarsveld en Roeline Daneel sluit by regisseur Albert Maritz aan om te gesels oor dié bekroonde produksie, *Mooi Maria*.
5 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 50min | R20 (ete uitgesluit)

Ou blare
Drie TV- en verhoogsterre aan die woord. Elsabé Daneel, Susanne Beyers en Joanie Combrink in gesprek oor die skreeusnaakse komedie *Ou blare*. Ideaal vir mense wat ’n waardering vir humor het.
7 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 50min | R20 (ete uitgesluit)

Voor ek vergeet...

Hannes van Wyk praat met Amanda Strydom oor *Voor ek vergeet...,* die hartroerende produksie wat Strydom na die teaterverhoog teruggelok het.
8 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 50min | R20 (ete uitgesluit)

N is vir neurose
Regisseur en skrywer Christiaan Olwagen tree in gesprek met aktrise Roeline Daneel oor *N is vir neurose*, die swart komedie op die Woordfees se dramaprogram.
9 Maart 13:00 | De Vette Mossel | 50min | R20 (ete uitgesluit)

Aan tafel by Dorpstraat Teater @ Summerhill

Filosofiekafee
Ondersteun deur Dirk Hertzog, en opgedra aan kollega Paul Cilliers. Met Anton van Niekerk, Vasti Roodt, Johan Hattingh,Hannes Smit, Louise du Toit en Minka Woermann
In die Woordfees se “groen” jaar takel Stellenbosse filosowe mekaar oor kleure. Kom verkneukel jou oor die manier waarop die wysgere probeer om mekaar te ontmasker as filosofiese groentjies en stem vir jou wenspan! Geniet ’n heerlike ete uit die Dorpstraat-kombuis en bederf jouself met ’n drankie. Bespreek gou – dis altyd vroeg reeds uitverkoop!
7 Maart 19:00 | Dorpstraat Teater @ Summerhill | 120min | R60 (ete uitgesluit)

Aan tafel by Erfurthuis

Aandwandeling met spoke
Op hierdie gewilde staptog begelei Pietman Retief en ander kenners van Stellenbosch se geskiedenis feesgangers op die dwaalroete van onrustige geeste deur die geskiedkundige dorpskern. Hierna word in die historiese Erfurthuis aangesit vir ’n welverdiende maaltyd saam met die dapperes van gees. Bespreek by 021-887 2937 – as jy genoeg murg in jou pype het!
8 Maart 19:00 | Erfurthuis | 120min | R120 (ete ingesluit)

Diskoers

RSG Nuus en RSG bied weer opwindende regstreekse uitsendings aan vanaf die Plataan-kafee in die Sasol Kunsmuseum se agtertuin. Laurie Gaum, self 'n passievole meningsvormer, het die *Praat saam*-gespreksonderwerpe saamgestel rondom die groen-tema. Almal kan gratis kom luister na:
***Monitor*, 5-9 Maart, 07:00 tot 08:00: Die bekende Cobus Bester praat met ’n reeks prominente meningsvormers.**
RSG, *Praat saam* met Lynette Francis. 5-9 Maart, 8:00 tot 9:00: ’n Boeiende reeks gesprekke – kom stel jou vrae!
***Spektrum*, 5-9 Maart, 13:00 tot 14:00: Die RSG-span voer interessante onderhoude met ’n verskeidenheid gaste – boeiend en aktueel.**
***Naweek aktueel*, Saterdag 10 Maart, 12:00 tot 13:00: Die aktualiteitsprogram met ’n verskil! Vir mense wat wil wegbreek en anders na die lewe kyk.**
Bespreek ’n heerlike ontbyt by 082 874 2176.

***Praat saam* – aangebied deur RSG, *Die Burger* en die US Gespreksforum vir die Geestes- en Sosiale Wetenskappe**

Hoe lewe ’n mens ‘groen’?

Lynette praat met Elsabé Brits (*Die Burger*), Dave Pepler en Heidi Prozesky (US, Departement Sosiologie)
‘Groen’ is die mode-gonswoord van ons tyd, maar dit kan nogal moeite en geld kos om omgewingsvriendelik te lewe. Hoe kan ons hierdie ‘groen ding’ prakties en bekostigbaar doen en help bydra tot ’n volhoubare samelewing?
5 Maart 08:00 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

Revolusie ook in Suid-Afrika?

Lynette praat met Johann Maarman (*Die Burger*), Zackie Achmat en Gerrie Swart (US, Departement Politieke Wetenskap)
2011 is gekenmerk deur die ‘Arabiese Lente’, met groot politieke verskuiwings aangevuur deur die mobilisering van die massa met behulp van sosiale netwerke soos Twitter en Facebook. Kan so iets ook in Suid-Afrika gebeur? Hoe gaan ons grootste knelpunt, nl. die ongelyke verdeling van rykdom, aangespreek word voordat ’n “Suid-Afrikaanse Lente” plaasvind?
6 Maart 08:00 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

Wat is ‘witwees’?

Lynette praat met Christi van der Westhuizen, Jan-Jan Joubert (*Beeld*) en Amanda Gouws (US, Departement Politieke Wetenskap)
Bevoorregting op grond van ras is dikwels onsigbaar en funksioneer onbewustelik. Ons bekyk wit identiteit onder die vergrootglas, vra kritiese vrae en kyk of en hoe dit konstruktief kan bydra tot nasieskap.
7 Maart 08:00 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

Van appels en bome

Lynette praat met Martie Retief-Meiring (*Die Burger*-rubriekskrywer), Kabous Meiring en Awie Greeff (US, Departement Sielkunde)
Die gesprek tussen verskillende generasies verloop soms maar met stampe en stote soos jonghout ouhout uitdaag. ‘Buig die boompie terwyl hy nog jonk is’ word lank nie meer noodwendig aanvaar as die beste opvoedingsfilosofie nie.
8 Maart 08:00 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

‘Welvaartsbelasting’ of dalk ’n CODESA III oor ekonomiese geregtigheid?

Lynette Francis praat met Willem Jordaan (*Die Burger*), Tony Ehrenreich en Stan du Plessis (US, Departement Ekonomie)
Desmond Tutu se voorstel oor ’n welvaartsbelasting is met gemengde reaksie begroet. Tog is ekonomiese geregtigheid dié uitstaande saak van die onderhandelde skikking. Ons bespreek alternatiewe tot die onvolhoubare samelewing waarvan ons tans deel is.
9 Maart 08:00 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

US Gespreksforum vir die Geestes- en Sosiale Wetenskappe

Hierdie reeks deur die US se Gespreksforum vir Geestes- en Sosiale Wetenskappe stel spesialiste op verskeie gebiede aan die woord. Kom kry insig in hoe relevant akademiese navorsing is om daaglikse uitdagings die hoof te bied.

Militêre omgewingsgeletterdheid in die Suid-Afrikaanse Leër
Aangebied deur Fakulteite Krygskunde en Regte. Met Kommandeur Hennie Smit en Oliver Ruppel
Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag beheer en bestuur uitgestrekte terreine in Suid-Afrika. Hoewel omgewingsvriendelike optrede nie normaalweg met gewapende magte geassosieer word nie, is daar 'n groeiende tendens om gewapende magte verantwoordelik te hou vir skade aan die omgewing. Hoe omgewingsgeletterd is soldate en watter regskwessies is hieraan verbonde?
5 Maart 14:30 | Plataan-kafee | 50min | Gratis

'n Nuwe ruimte vir spiritualiteit
Interdissiplinêre gesprek aangebied deur die Departement Filosofie. Met Willem Moore, Jurie van den Heever, Malcolm de Roubaix en Louise du Toit
Om spirituele behoeftes te bevredig en antwoorde op lewensvrae te kry, besoek mense gewoonlik katedrale, sinagoges, moskees, tempels en kerke, of wend hulle tot die natuur. Is slegs hierdie ruimtes gepas vir spirituele behoeftes of is dit tyd om 'n nuwe ruimte te skep?
6 Maart 14:30 | Plataan-kafee | 50min | Gratis

Nasionalisering en die Suid-Afrikaanse ekonomie
Aangebied deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurwetenskap. Met Stan du Plessis en Ada Jansen
Hierdie gesprek ondersoek die saak vir nasionalisering aan die hand van ekonomiese beginsels en die internasionale ervaring. Wat is die rol van die mynbousektor in die Suid-Afrikaanse ekonomie en watter implikasies hou nasionalisering in vir die inkomstes en uitgawes van die Suid-Afrikaanse regering?
7 Maart 14:30 | Plataan-kafee | 50min | Gratis

Omgewingsopvoeding in skole
Aangebied deur die Fakulteit Opvoedkunde. Met Chris Reddy en Michael le Cordeur
Waarom is opvoeding oor die omgewing belangrik in die onderwys? Hoe kan die Afrikaanse opvoeder liefde vir die omgewing by leerders kweek? Kom praat saam oor die Universiteit se program vir Omgewingsopvoeding en oor die noodsaaklikheid van taal vir die omgewing.
8 Maart 14:30 | Plataan-kafee | 50min | Gratis

Is die Geestes- en Sosiale Wetenskappe onder druk?
Aangebied deur die Gespreksforum vir die Geestes- en Sosiale Wetenskappe. Met Louis Jonker, Peter Vale en Jannie Hofmeyr
Enkele maande gelede is dokumente in Suid-Afrika gepubliseer oor die stand van die Geestes- en Sosiale Wetenskappe op nasionale vlak. Die paneel gebruik dié dokumente as vertrekpunt om die situasie in die land en op Stellenbosch onder die loep te neem.
9 Maart 14:30 | Plataan-kafee | 50min | Gratis

Kritiese interaksie-sessies
Aangebied deur die US Studenteraad
Kom luister hoe die toonaangewers van vandag sake uitpraat met die leiers van môre in 'n opwindende nuwe inisiatief waar studenteleiers met mekaar en met akademici praat oor 'n verskeidenheid kwessies wat relevant is vir jongmense, die Universiteit Stellenbosch én die groter Suid-Afrikaanse samelewing. Marnus Havenga (SR-lid, Kritiese interaksie) fasiliteer die gesprekke:

Die toekoms van die US
Die Hoop-projek is in, Jool is uit en 'kritiese denke' is die gonsbegrip op kampus. Wat behels dit om 'n Matie te wees in die 21ste eeu? Kobus Ehlers, dosent in Waarde- en Beleidstudies, bespreek die US se pad vorentoe saam met die volgende studenteleiers: Nadia Marais (oud SR-lid), Nico de Wet (Stigter van Vryestudent) en Jonno Blankenburg (Speaker van die Studenteparlement).
7 Maart 15:30 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

Transformasie, ontwikkeling en gemeenskapsinteraksie
'n Inklusiewe taalplan, transformasie en effektiewe gemeenskapsinteraksie by die US is kwessies wat tans op almal se lippe is. Prof. Anton van Niekerk (Hoof van die Sentrum van Toegepaste Etiek) kyk saam met die volgende studenteleiers na wat regtig op die kampus aan die gebeur is: Innes Barnardt (oud SR-lid), Anina Botha (SR-voorsitter) en Ziyanda Stuurman (SR-lid).
8 Maart 15:30 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

Volhoubaarheid en vooruitgang – 'n soeke na die goue middeweg

As ontwikkelende land benodig Suid-Afrika ’n groeikoers wat werkloosheid kan aanspreek. Terselfdertyd is daar geweldige druk op ons hulpbronne en ’n strewe na groen inisiatiewe. Binne hierdie konteks is die US in ’n knyptang – uitbrei ten alle koste, of volhoubaar groei? Hoogleraar in Ekonomie, prof. Stan du Plessis, debatteer die saak met die volgende studenteleiers: Wynand Spruyt (oud SR-lid; Hoof van die Eenheid vir Kritiese Denke), Gina King (SR-bestuurder: Groen) en Deidré Baartman (SR-lid).
9 Maart 15:30 | Plataan-kafee | 60min | Gratis

ATR Jeugberaad

Die jeug is nie taalgroentjies nie
Aangebied deur die Afrikaanse Taalraad (ATR). Met Magda Fourie-Malherbe, Rudi Buys, Llewellyn Macmaster en Danny Titus
Taal is ’n netelige kwessie op Stellenbosch. Onderrig behoort in die taal te geskied waarin studente die gemaklikste is en die beste kan presteer. Maar hoe voel die jeug oor die saak? Jeugleiers van verskillende fakulteite en skole gee hul mening oor kwessies soos meertaligheid, die T-opsie, tolking en parallelmediumonderrig.
10 Maart 09:00 – 15:00 | JC Smuts-gebou: kamer A201| Gratis

Stellenbosch: nuwe dinamika?
Aangebied deur Stellenbosch360. Met o.a. Annemarie Ferns, Martie Meiring, Conrad Sidego, Julian Smith en Andreas van Wyk
’n Voortsetting van die debat oor Stellenbosch se pad vorentoe: gaan die verkiesing van ’n nuwe stadsraad en die stigting van Stellenbosch360 ’n werklike verskil maak? Prominente rolspelers in die munisipaliteit, sakelewe, die Universiteit en gemeenskapslewe besin oor dié belangrike kwessie. Kom lug jou mening.
10 Maart 11:30 | Ou Hoofgebou: J.C. de Wet Saal | 90min | Gratis

Woordmusiek

Die grammatika van liefhê
'n Maniac Music-produksie
André Strijdom se jongste literêre kabaret is gebaseer op werk van digters soos J.C. Steyn en Lina Spies. Twee muses stry oor wat die liefde is en probeer byna wetenskaplik tot 'n somtotaal kom. Hulle besluit om hul onderskeie filosofieë op mekaar uit te toets, asook op twee sterflike siele deur hulle verlief te laat raak.
3 Maart 13:00 | Dorpstraat Teater @ Summerhill | 120min | R90

Transkripsie
Met Pieter Odendaal en Bateleur
Die digter Pieter Odendaal en die Kaapse *band* Bateleur span kragte saam om klankgedigte / *raptracks* / mondmusiek te skep. Die musiek praat met die gedigte en die woorde word klank. Hierdie talentvolle jong kunstenaars sal jou asem wegslaan!
5 Maart 18:00 | De Vette Mossel | 50min | R60

Storielied
Met Luna Paige, Schalk Joubert, Kevin Gibson en gaskunstenaars
In dié uitsonderlike produksie dink Luna Paige saam met Ingrid Winterbach oor evolusie en godsdiens; sing oor vuur en verbode liefde op grond van André Brink se *Die ambassadeur;* haal 'n lewensles uit 'n Margaret Bakkes-roman en sing oor 'n Boesman-gelykenis soos beskryf deur Elias P. Nel. Sy identifiseer met Dana Snyman se hartseer oor sy ouma en skryf 'n wiegelied vir een van Chris Barnard se sterwende karakters. Sy dans tot dagbreek toe saam met die bevryde slawe in Raithby. 'n Moet vir liefhebbers van woord en klank!
5 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 60min | R90

In die tabernakel
Met Annelie Botes en Pieter Rademeyer
Die gewilde Annelie Botes lewer 'n verhalende, geselsende voordrag uit haar nuutste boek, *Tabernakel*. Saam met haar tree die stemmingsanger Pieter Rademeyer op. 'n Hartroerende uur van lag met 'n traan, goue-oues en volksliedjies.
8 Maart 12:00 | Boektent | 50min | R60

My hart blom wit
'n Pragtige aanbieding van gedigte en musiek rondom die tema van die liefde. André Strijdom is verantwoordelik vir die toonsetting van verse deur D.J. Opperman, Ingrid Jonker, Eugène Marais, T.T. Cloete en vele meer. Rika Vermeulen begelei vir Annalie Herbst, 'n opkomende jong sopraan, en die dinamiese Helena Conradie lees voor.
11 Maart 18:00 | Sasol Kunsmuseum | 60min | R80

Dramafees

Die Francois Toerien Show 8
Deur Francois Toerien. Met Francois Toerien, Martelize Kolver, Brendon Daniels, Esther von Waltsleben en Altan Ungerer. Regie: Juanita Swanepoel
Soos op TV! Die fopdosserpaartjie, Anita en Susan, gee ŉ predikantsvrou ŉ 'trashy glam makeover'. Punjaab, die Boeddhistiese masseur, verinneweer sy klient. En vergeet van Afri-Frans – ons ligte Afrikaanse sangeres Joleen gaan Afri-(Chi)nees! Dis net ŉ voorsmakie. Pasgedrewe, spitsvondige sketskomedie! 'Ek het lanklaas so hard en aanhoudend gelag…' – News 24.
2 Maart 18:00 | 3 Maart 20:30 | 4 Maart 20:30 | 7 Maart 18:00 | Klein Libertas Teater | 75min | R95 | Geen O/14 (T)

Die rebellie van Lafras Verwey
Aangebied deur The Mechanicals. Deur Chris Barnard. Met Stian Bam, Tinarie van Wyk-Loots, Carel Nel, Nandi Horak, Roxanne Blaise, Wilhelm van der Walt en De Klerk Oelofse. Regie: Albert Maritz
Die resensente was meegevoer deur Albert Maritz se trefferstuk: 'Maritz en sy spelers omskep Chris Barnard se oorspronklike hoorspel tot ŉ teatrale belewenis wat lank na die tyd by jou kom spook' – *Die Burger* (vier uit vyf sterre); ''n Groot bederf vir enige gehoor' – LitNet; 'Carel Nel as Lafras Verwey lewer uitsonderlike spel.' – Megan Choritz.
2, 3, 4, 5 en 6 Maart 20:30 | 9 Maart 22:30 | 10 Maart 20:30 | 11 Maart 20:30 | PJ Olivier Kunssentrum | 80min | R85

Thom Pain (based on nothing)
Presented by Thomas Channell Arts Management. Made possible by Clover Aardklop. By Will Eno.
Thom Pain: Albert Pretorius; Audience: You; Direction: Tara Notcutt
The hit play from Edinburgh, London and New York is a sad and disturbingly funny exploration of the difficulties of mastering the basics of life: dogs, bees, childhood, a pink elephant and love. The New York Times calls the play, a Pulitzer Prize finalist, 'a small masterpiece' and Eno 'a Samuel Beckett for the Jon Stewart generation.' Albert Pretorius (Binneland Sub Judice and …miskien) is Thom Pain, an everyman trying to make sense of the world and his place in it. He is just like you, only worse!
2 March 20:30 | 6 March 20:30 | Klein Libertas Theatre 70min | R80 | Language

N is vir Neurose
Aangebied deur Polony. Teks en regie: Christiaan Olwagen. Met Hannah Borthwick, Roeline Daneel, Mariechen Vosloo en Wessel Pretorius
ŉ Kitchen tea. Liz trou. Rachelle en Shani p#$ mekaar af. ŉ Klop aan die deur. ŉ Polisieman. ŉ Paar wynglase later neem die aand ŉ wending wat hulle vir ewig sal verander. Hierdie swart komedie handel oor grootword, klein bly, werk, trou, kinders maak en liefde vind. Alles voor dertig. Natuurlik gaan ons neuroties wees…
3 Maart 10:00 | 7 Maart 20:30 | 11 Maart 12:30 | Klein Libertas Teater | 90min | R80 (R60 studente) | Geen O/16 (STN)

Skeer op Richmond
Aangebied deur Stercus Produksies. Teks: Saartjie Botha. Met Laurinda Hofmeyr, Stephanie Hough, Frieda van den Heever en Leonore Bredenkamp. Regie: Nina Swart
Vyftien jaar gelede het vyf onervare jong kunstenaars ŉ projek, 'Skeer op Richmond', aangepak – min wetend dat hul loopbane en lewens daardeur omvorm sou word. Twee vroue onderneem tydens Kerstyd ŉ reis van Kaapstad na Bethlehem in die Vrystaat. In die ongenaakbare landskap vind hulle heling.
3 Maart 12:30 | 4 Maart 12:30 | 8 Maart 18:00 | Klein Libertas Teater | 55min | R95

Bullets over Bishop Lavis
Aangebied deur Jester Productions. Deur Christo Davids en Jody Abrahams. Met Abduragman Adams, Diaan Lawrenson en Charlton Lee George. Regie: Jody Abrahams
Die drama is die storie van mense wat woon in die misdaad- en dwelmgeteisterde Bishop Lavis op die Kaapse Vlakte: Jerome en Ronnie het groot geword as bloedbroers, maar ŉ skietery verander alles. Ronnie het die sneller getrek, maar dis Jerome se gesig wat laaste gesien word. Na sewe jaar tronkstraf word Jerome vrygelaat...
3 Maart 14:30 | 6 Maart 21:00 | Hoërskool Stellenbosch | 65min | R75, R105 | Geen O/12 (T)

Nag Ma
Produksievennoot: National Arts Festival. Mediaborge: Rooi Rose; Vrouekeur. Deur Marsha Norman. Vertaling en verwerking: Antoinette Louw en Sandra Prinsloo. Met Sandra Prinsloo en Antoinette Louw. Regie: Lara Bye
Saterdagaand. Twee vroue. Een geweer... ŉ Ma wat haar dogter langer by haar wil hou. Die bloed wat ons bind, en wat ons soms versmoor. Die begeerte om gehoor te word, om raakgesien te wees. Nag Ma, ŉ Pulitzer wenner, is ŉ hartroerende teaterbelewenis wat jou lank sal bybly.

3 Maart 15:00 | 4 Maart 10:00 | 5 Maart 14:30, 20:30 | 6 Maart 18:00 | Klein Libertas Teater | 85min | R110 | Geen O/14

Paloekas – Die dagboek van ’n single girl
Teks en regie: Leon Kruger. Met Lulu Botha
Daar word geblaai deur die dagboek van ’n hedendaagse Afrikaanse vrou wat troumateriaal soek, maar maar sy sagte linne wil voel, krap die polyester van al die paloekas. Tilla is 32 jaar oud – die stof vergaar, die horlosie tik, maar al wat aan haar voordeur klop, is een paloeka na die ander. Ontmoet ook vir Ouma Tilla wat met haar bolognaise amper vir Bles Bridges in haar kooi laat jodel het.
3 Maart 18:00 | 5 Maart 18:00 | Klein Libertas Teater | 70min | R85

Buitepos
’n US Woordfees | Absa KKNK ko-produksie. Deur Rachelle Greeff. Geselskap: Hou die pers dop!
Na die sukses van Die naaimasjien – Rachelle Greef se tweede toneelstuk! Oor ’n man. Wat elke laatmiddag in die droë rivierloop buite die Karoodorp Buitepos, alleen met sy klippe en sy gedagtes is. Tot die dag toe die poskantoor laat weet daar wag ’n geregistreerde brief. Buitepos trek ’n vinger oor die snykant van stilswye. Dis ook ’n sanksie van vergifnis – en die plesier – van die liefde.
3 Maart 20:30 |6 Maart 18:00 | Hoërskool Stellenbosch | 70min | R90

Ont
Teks en regie: Wessel Pretorius. Met Wessel Pretorius. Produksiehuis: Polony
Ont is ’n eenmanvertoning oor die reis van “grootword”, ’n studie oor die samestelling van ’n gesin en die vreugdes van vryheid en vlug. Die proses van menswording word met deernis geskets met behulp van *Groot Verseboek*, Ma se grammofoonspeler en Pa se Camel filters.
4 Maart 15:00 | 11 Maart 15:00 | Klein Libertas Teater | 75min | R80 (R60 studente) | Geen O/16 (TN)

Die gras is groener
Saamgestel deur Juanita Swanepoel. Met Susanne Beyers, Joanie Combrink, Roeline Daneel en Stephanie Badenhorst
Dié woordkuns-aanbieding, saamgestel uit die gelyknamige bloemlesing van Danie Marais, handel oor emigrasie, afstand, verlange en verlies, en ook huistoe kom. Gesoute akteurs vertolk die hunkering en nostalgie van bekende Suid-Afrikaners wat hulle in die buiteland bevind. Die stuk spreek tot die harte van almal wie se geliefdes ver van die huis af is.
4 Maart 17:30 | 11 Maart 18:00 | Klein Libertas Teater | 60min | R75

Agterplaas
’n US Woordfees Absa KKNK ko-produksie. Aangebied deur Kaap Teater-ensemble. Teks en regie: Charles Fourie. Met Deon Lotz, Deidré Wolhuter en Esther von Waltsleben
Die gevierde dramaturg Charles Fourie se veelbesproke stuk vertel die verhaal van ’n arm Afrikaanse gesin wat hard baklei om die mas op te kom. Oor hierdie trefferstuk skryf Laetitia Pople in *Die Burger*: ‘*Agterplaas* verdien om op elke verhoog in Suid-Afrika gesien te word.’ Mense wat die stuk gesien het, beskryf dit as een van hul roerendste dog vermaaklikste toneelervarings ooit.
5 Maart 18:30 & 20:30 | 6 Maart 18:30 & 20:30 | PJ Olivier Kunssentrum | 70min | R90 | Geen O/14 (T)

’n Lewe in die teater
Aangebied deur FACTS in samewerking met TEATERteater. Ondersteun deur die LOTTO
Deur David Mamet; Afrikaanse vertaling: Peter Taljaard. Met Gerben Kamper en Peter Taljaard
Regie en ontwerp: Marthinus Basson. Assistent-regisseur: Hugo Theart
Dié tragi-komedi, wat al beskryf is as David Mamet se liefdesbrief aan die teater en sy belangrikste genote: akteurs, ondersoek die verhouding tussen ’n jong en ouer akteur. Die een staan aan die begin van sy loopbaan en die ander nader die einde. Beste Debuutproduksie (Vryfees 2011); Beste Kunstenaars (Vryfees 2011). Vir meer besonderhede, besoek www.teaterteater.com.
5 Maart 18:30 | 6 Maart 21:00 | Hoërskool Stellenbosch | 90min | R90 (R50 studente) | Geen O/14 (T)

Dis koue kos, skat
Aangebied deur Kosie House of Theatre. Deur Marita van der Vyver. Verwerking: Alexa Strachan. Met Elzabé Zietsman. Regie: Andre Odendaal
Clara Brand is ’n korrespondent van faam. Sy skreeu om wraak, want haar man het haar en die kinders gelos vir een van haar beste vriendinne! Wat volg is ’n vreeslose, soms skreeusnaakse ontboeseming en Clara huiwer nie om alles by die naam te noem nie. Dit skitter, ontplof, skok en verkwik – en sal vroue én mans vermaak.
5 Maart 20:15 | 6 Maart 20:15 | Oude Libertas Amfiteater | 70min | R80, R90, R100

Mooi Maria

Moontlik gemaak deur Clover Aardklop en Die Dagbreek Trust. Deur Pieter Fourie. Met André Roothman, Isadora Verwey, Waldemar Schultz, Anthea Thompson, Theresa C. Sedras, Lille Goosen, Neels van Jaarsveld en Roeline Daneel. Regie, ontwerp en beligting: Albert Maritz
Die verhaal van 'n meisie wat eens Mooi Maria was – totdat die noodlot toeslaan. Net soos *Faan se trein* deur Fourie, 'n wegholsukses van die sewentigs en steeds relevant. In *Beeld* noem Anna-Retha Bouwer Anthea Thompson se spel 'n "kragtoer". By Aardklop 2011 bekroon met toekennings vir Beste Afrikaanse produksie, Beste Regisseur en Beste Aktrise.
5 Maart 20:15 | 6 Maart 20:15 | Spier Amfiteater | 70 min | R80, R90, R100

Vaselinetjie
Met o.a. Robbie Klay, Andrea Streso, David Louw, Ingrid Paulus, Theodore Jantjies, Elma Postma en Hugo Taljaard. Regie: Henry Mylne
Vaselinetjie ken van die lewe in 'n kinderhuis vol gomgatte, emosionele verwaarlosing, prostitusie, seks, dwelms en bendegeweld. Maar dis ook 'n verhaal vol menslike humor en dik romanse. Speelvakke van Hugo Taljaard se verwerking van Anoeschka von Meck se veelbekroonde blitsverkoper het uitverkoop by kunstefeeste regoor die land. Moenie dié aangrypende sterbelaaide stuk misloop nie!
8 Maart 20:15 | 9 Maart 20:15 | 10 Maart 20:15 | Spier Amfiteater | 120min | R80, R90, R100

Grieta kry geleerdheid
Aangebied deur Wordsmith's Theatre Factory. Gebaseer op Willy Russell se *Educating Rita*. Met Chris van Niekerk en Lulu Botha. Regie, vertaling en verwerking: Hennie van Greunen
Wanneer Grieta, 'n Bishop Lavis *hairdresser*, besluit sy wil ALLES weet, sy wil geleerdheid hê, ontmoet sy haar tutor, prof. Frans, 'n gefrustreerde akademiese alkoholis. Hulle praat oor Breyten, Shakespeare, Krog en Foster. Tussendeur die akademie leer albei meer as wat hulle ooit gedink het hulle sal – oor geleerdheid, weggesteekte whiskey, keuses en *hair relaxer*.
7 Maart 20:30 | 10 Maart 14:00 | Hoërskool Stellenbosch | 120min | R100

Skop
Aangebied deur Ysterolifantwaltz. Deur Sjaka S. Septembir. Met Sjaka S.Septembir, Melanie Basson en Shaun Acker. Regisseur: Sandra Temmingh
Kletsrym en teater flonker donker saam in hierdie produksie waar woorde en musiek magies vervleg. Kom kyk self wat steek agter die aweregse kunstenaar Sjaka S. Septembir, wie se verlede as stroom-op Stellenbosse straatdigter onlangs vasgevang is in 'n internasionale dokumentêre film.
7 Maart 20:30 | 10 Maart 20:00 | PJ Olivier Kunssentrum | 45 min | R75 (R50 studente) | Geen O/14 (TD)

Ou blare
Aangebied deur Elsabé Daneel Produksies BK. Ondersteun deur Revlon. Teks en regie: Leon Kruger. Met Elsabé Daneel, Susanne Beyers en Joanie Combrink
Drie jarelange vriendinne kom bymekaar om te herlaai. Hulle is dapper, eksentriek en boonop vies. Tussen joga en sopies spoel hulle mond uit oor karwagte, rietskraal winkelpoppe, kopdokters en *thongs*. Dié splinternuwe gesinskomedie laat die maskers waai en dra 'n fakkel vir vroue van 'n sekere ouderdom.
8 Maart 18:00 en 20:30 | 10 Maart 20:30 | Hoërskool Stellenbosch | 70min | R100

Next customer please...
Aangebied deur VEE Productions. Deur Ilne Fourie. Met Ilne Fourie. Regisseur: Pieter Venter
Dié nuwe solostuk handel oor die ervaringe van Doris de Waal, 'n kassier in 'n winkelsentrum. Stories, staaltjies, skandale, karakters en *customers* kry lewe op die verhoog. Gaan op reis saam met Doris en ontmoet nuwe mense. 'n Lag met 'n traan.
8 Maart 20:30 | 10 Maart 10:00 | Klein Libertas Teater | 55min | R80

Proesstraat
Aangebied deur Richter Medien. Met Waldemar Schultz, Melt Sieberhagen, Pierre Breytenbach, Wickus du Toit, Martelize Kolver en Esther von Waltsleben
KykNET se sukseskomedie in lewende lywe op die Oude Libertas Amfiteater-verhoog! Kaapse gehore kan uiteindelik die dikwels aweregse improvisasie-komedie beleef. Kom kyk hoe die talentvolle akteurs van Proesstraat op hulle voete dink (of oor hulle val), sweet en die kluts heeltemal kwytraak. Elke vertoning is 'n unieke ervaring.
8, 9 en 10 Maart 20:15 | Oude Libertas Amfiteater | 50min | R90, R100, R110

Sister Mary Ignatius Explains It All For You
Aangebied deur Polony. Teks: Christopher Durang. Met Martelize Kolver, De Klerk Oelofse, Roeline Daneel, Wessel Pretorius, Cintaine Schutte en Naudé van der Merwe. Regie: Christiaan Olwagen
Elke verlore siel is welkom by Suster Mary se lesing. Met behulp van Thomas, haar toegewyde student, sal sy alles verduidelik. Haar lesings sluit 'n Kersspel in, sowel as ongewone sienings van die lewe buite die kloostermure. Voorwaar 'n pret-pakket!
8 Maart 20:30 | 9 Maart 20:30 | PJ Olivier Kunssentrum | 80min | R80 (R60 studente) | Geen O/18 (SNGTD)

Bye Ma, Jaypee
Aangebied deur EPM Projects & Arena Produksies. Moontlik gemaak deur First For Women Insurance en *Sarie*. Deur Daleen Kruger. Met Chris van Niekerk. Regie: Margit Meyer-Rödenbeck
'n Menslike verhaal met lewensgetroue humoristiese momente wat jou sal laat huil van die lag, net om kort daarna weer 'n hartseer traan weg te pink. *"Oprah Winfrey sê 'n kind kies sy ouers. As ek alles in die lewe verkeerd gedoen het, het ek ten minste een ding reggedoen en dit was om Ma te kies. Bye Ma, Jaypee."*
8 Maart 20:30 | 9 Maart 20:30 | Japie Krige | 75min | R95

Dit voel leeg
Deur Lucy Kirkwood. Vertaling: Hugo Taljaard. Met Kim Cloete en Chanelle Davids. Regie: Henry Mylne
Sy weet hoeveel haar lewe werd is: twee en 'n halwe i-pods! In Kaapstad word sy een van 27 miljoen slawe wêreldwyd, een van 800,000 mense wat jaarliks oor landsgrense gesmokkel word. Kim Cloete van *Isidingo*-faam se vertolking van 'n menseroof-slagoffer sal jou aan die hart gryp!
9 Maart 14:30 | 11 Maart 10:00 | Klein Libertas Teater | 90min | R100

TaMiem van Swellendam
Deur M.E.R. Verwerking: Bettie Kemp. Met Bettie Kemp. Regie: André van Blerk
Kom geniet die ware verhale van die legendariese Hertzogpryswenner, TaMiem. Beleef die wel en wee van een van die vyf grootste Afrikaners van die eeu. TaMiem laat jou lag en nadink lank na die vertoning verby is. Terug op die verhoog na 'n Londen-speelvak en twee Vita-nominasies!
9 Maart 18:00 | 10 Maart 12:30 | Klein Libertas Teater | 55min | R80

Voor ek vergeet…
Moontlik gemaak deur Clover en Leopard's Leap. Aangebied deur The Sixth Sense.
Deur Karen Marx. Met Amanda Strydom en Hannes van Wyk. Regisseur: Gert van Niekerk
Amanda Strydom na jare weer op die verhoog! Die aangrypende storie van 'n ma en seun, maar anders as in heelwat verhale deesdae, haat hulle mekaar nie. 'n Reistog van geloof, hoop en liefde, deurvleg met verrassende en deernisvolle elemente.
9 Maart 18:00 | 10 Maart 17:30 | Hoërskool Stellenbosch | 70min | R110 | Geen O/12

My name/My naam is Ellen Pakkies
Aangebied deur The Sixth Sense. Teks en regie: Lizz Meiring. Met Vinette Ebrahim en Christo Davids
Dié aangrypende stuk handel oor 'n tragiese voorval wat internasionaal opslae gemaak het. Dit vertel die verhaal van 'n ma wie se magtelose liefde vir haar tikverslaafde kind haar tot moord gedryf het. Dis die geskiedenis van 'n ouer, stomgeslaan deur ongenaakbare trauma, maar bowenal is dit 'n viering van vergifnis, hoop en oorlewing.
10 Maart 09:00 en 11:00 | Hoërskool Stellenbosch | 60min | R110 | Geen O/14

Pa ...vir dummies
Moontlik gemaak deur Rapport. Deur Schalk Schoombie, Jackie Hancke en Kabous Verwoed.
Met Neels van Jaarsveld. Regie: Tobie Cronjé
Dries Klopper (28) se doodgewone, lekker lewe word ontwrig deur die oorweldigende uitdagings van vaderskap. Dis 'n helse skok vir sy sisteem. Soos soveel jong pa's voor hom, kon hy nooit die aardskuddende, onthutsende veranderinge en aanpassings in sy lewenstyl voorsien nie. Wat nog te sê verwerk!
10 Maart 13:00 en 21:00 | Dorpstraat Teater @Summerhill | 60min | R100

holm@iafrica.com
Aangebied deur Handyminds. Deur Chris Vorster en Marion Holm. Met Marion Holm. Regie: Chris Vorster
Marion Holm in haar agtste eenvrou-vertoning! 'n Bietjie links, 'n bietjie regs, bo, onder en in die middel, sommer net om anders te wees! Stories wat jou laat lag. Stories wat jou laat dink. En as jy mooi luister ... en jou selfoon afsit ... is daar nog 'n storie agter die storie. Regtig! Kom kyk maar, ons jok nie!
10 Maart 20:30 | Japie Krige | 75min | R100

Sanlam Musiekfees: Klassiek

USSO – Franse program
In samewerking met die US Konservatorium. Die US Simfonie-orkes, met Corvin Matei (dirigent), Peter Martens (tjello) en Mario Nell (orrel)
Hierdie uitvoering in die ryk tradisie van die Franse orkesmusiek open met Offenbach se beroemde ouverture tot *Orpheus in die onderwêreld.* Dat Offenbach ook 'n virtuose tjellis was, maak die volgende item baie gepas: Vieuxtemps se ingewikkelde, minder bekende eerste tjello concerto word vir die eerste keer in Suid-Afrika uitgevoer deur die uitnemende Peter Martens. Na pouse volg Saint-Säens' se geliefde 3de simfonie, die *Orrel Simfonie,* met Mario Nell, een van Suid-Afrika se voorste orreliste wat die ongewone solo-gedeelte speel.
2 en 3 Maart 20:00 | Endler | 120min | R110 (R85 studente en pensioenarisse)

Harmonic Brass – Concerto festivo
In samewerking met die US Konservatorium.
Die gewilde Harmoniese blaaskwintet uit München, wat ewe tuis is in die Carnegie-saal in New York, in Seoul, Leipzig as in die Endler, is op hul 2010-konserttoer deur Suid-Afrika begroet met staande ovasies. In hulle spesiale concerto festivo sal die sensitiewe toonkleur en briljante klank van hulle besonderse interpretasies jou nogmaals meesleur. Die program sluit ou geliefdes in, soos die Toccata and Fuga in d-mineur deur J.S. Bach, 'O Fortuna' uit Carl Orff se Carmina Burana, die Groot Mars uit Aïda van Giuseppe Verdi, die 'Bolero' van Maurice Ravel en die soel jazz-klanke van die 'Susannata' deur Mulo Francel.
4 Maart 16:30 | Endler | 120min | R110 (R85 studente en pensioenarisse)

2 Blondes 2 Tango
'n Tale be Told-produksie. Met Elna van der Merwe, Zorada Temmingh, Schalk Joubert, Mark Hoeben en Wilken Calitz. Verteller: Niël Rademan. Regisseur en vervaardiger: Ingrid Howard
'n Aangrypende menslike verhaal van twee vroue vasgevang in 'n soeke na identiteit, welvaart, oorlewing en vryheid gedurende die laat 19de en vroeg 20ste eeu in La Boca (geboorteplek van die tango) in Argentinië. 'n Verteller, koppelaar, klubeienaar en kliënt vervleg die musiek tot storie. Laat jouself betower en verruk deur tango-voorlopers soos die *habanera, bolero* en *flamenco*, en bekende tango's soos *Hernando's Hideaway, Oblivion, Libertango, The Godfather* en *La Comparsita*.
7 Maart 19:00 | Endler | 80min | R100

Stijn Hanssens en Zorada Temmingh op die orrel
Moontlik gemaak deur Vlaams-Suid-Afrikaanse Kultuurstigting
Die bekende, veelsydige en talentvolle Vlaamse orrelis en komponis Stijn Hanssens bring Belgiese orrelwerke na die Woordfees saam met die gevierde Suid-Afrikaanse orrelis Zorada Temmingh, wat improvisasies doen met 'n fokus op die groen natuur. Die hoog-aangeskrewe Hanssens is onder meer dosent in orrel, musiekgeskiedenis en musiekteorie by die Gemeentelijke Academie van Dilbeek en is as navorser verbonde aan die Lemmensinstituut (Leuven).
8 Maart 20:00 | Endler | 80min | R90 (R70 studente en pensioenarisse)

Cape Consort Baroque
Moontlik gemaak deur die Rupert Musiekstigting. Met Antoinette Blyth en Lente Louw (soprane), Minette du Toit-Pearce (mezzo-sopraan), Nick de Jager en Lance Phillip (tenore), en Charles Ainslie (bariton). Begeleiers: Antoinette Lohmann, Andrew Cruickshank, Hans Huyssen en Eon Louw
Die Cape Consort sing Italiaanse madrigale deur komponiste soos Claudio Monteverdi, Tarquinio Merula, Giovanni Pandolfi Mealli, Dario Castello en Francesco Turini in 'n besonderse uitvoering wat die wondere van vorige eeue vir jou ontsluit.
9 Maart 20:00 | Endler | 120min | R99 (R75 studente en pensioenarisse)

Huldiging van Hubert du Plessis
Moontlik gemaak deur die Rupert Musiekstigting. Met die Scola Cantorum o.l.v. Rudolf de Beer en bekende soliste
Die US Woordfees huldig die ikoniese Suid-Afrikaanse komponis Hubert du Plessis, wat in Maart 2011 oorlede is, graag in Maart 2012 met 'n liedprogram bestaande uit 'n kombinasie van verskeie komposisies vir ensemble en soliste deur Hubert du Plessis.
10 Maart 20:00 | Endler | 120min | R99 (R75 studente en pensioenarisse)

Sanlam Musiekfees: Kontemporêr

AmaZink Live!
'n Barnyard-produksie. *AmaZink Live!* vertel die storie van 'n sjebien wat geforseer word om te sluit, maar dit regkry om die deure oop te hou deur die magiese krag van musiek. Hulde word gebring aan musieklegendes Miriam Makeba, Mango Groove en Johnny Clegg. 'n Oorspronklike, interaktiewe Suid-Afrikaanse musiekblyspel en kulinêre ervaring by Amazink Live restaurant in Kayamandi. Verwelkomingsdrankie en 3-gangspyskaart ingesluit.
Retoer-pendeldiens beskikbaar van Stellenbosch (R30 p.p.), Lanzerac Hotel & Spa (R35 p.p.), Franschhoek (R70 p.p.) en ander Kaapse areas. Navrae: 021-889 7536, info@amazink.co.za, www.amazink.co.za.
2, 3, 7, 9, 10 Maart 20:00 | 4, 11 Maart 12:30 | AmaZink, Kayamandi | 150min | R300

Black Bottle Blues @ De Vette Mossel
Kom weer na die gewilde laataand jolkol van die fees, met yskoue whiskey, vuurwarm Blues, sagte seesand onder en 'n sterrehemel bo. Om nie van die sappige seekos en gesellige Vette Mossel-gasvryheid te praat nie. Die legendariese Black Bottle Blues Band vorm die ruggraat van die sessies: Dale Collins, Simon Orange, Rob Stemmett en Wayne Pauli. Vang hulle elke aand saam met 'n vars gaskunstenaar:

- Maandag, 5 Maart – Natasha Meister & Dane Taylor
- Dinsdag, 6 Maart – Piet Botha
- Woensdag, 7 Maart – Dan Patlansky
- Donderdag, 8 Maart – Valiant Swart
- Vrydag, 9 Maart – Basson Laubscher, Greg Smith & Dr John

5, 6, 7, 8, Maart 21:00 | 9 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 120min | R20

Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill
Die legendariese Dorpstraat Restaurant Teater bied weer die beste in kuns, vermaak en kos. Hier is musiek en woorde na elkeen se smaak en onvergeetlike kuiers word gewaarborg. Voel soos altyd welkom, met goeie wyn en smaaklike kuierkos. Dorpstraat se goue wenke vir groen feesgangers:
- Middagvertonings: Kombuis oop van 11:00 tot 12:30; vertonings begin 13:00.
- Aandvertonings: Kombuis oop van 18:00 tot 19:30; vertonings van 20:30 tot 23:00 met 'n pouse.
- Etes uitgesluit by kaartjiepryse.

Gian Groen en gaste: Stiltetyd
Wie dan anders by 'n groen fees? Sedert sy debuut as voorsanger van Spinnekop 12 jaar gelede spits Gian Groen hom deesdae toe op ernstiger lirieke. Die Groen-klong se jongste album *Stiltetyd,* met ballades en van sy beste lirieke tot dusver, word bekendgestel.
3 Maart 20:15 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 90min | R80

Ping!
Met CH2 en Lizz Meiring
Dié komiese kitaarkabaret is unieke, slim kleinkuns. 'Ping!' is die magiese geluid wanneer alles in plek val, met 'n perfekte toon, astrante styl en verbeeldingryke klank ineen. Die fenomenale kitaarduo CH2, wat die musiekwêreld hier en oorsee oorrompel, klink saam met die supergewilde Lizz Meiring op in 'n trefseker vertoning.
5 Maart | 13:00 en 20:15 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 90min | R90

Hier huil jy net twee keer
Met Dana Snyman en Klopjag. Met trots aangebied deur *Rapport*.
Dié vervolg op die suksesvolle *Baby, as ek verby ry* skakel met die ou gesegde: "Hier huil jy net twee keer, die dag wat jy aankom en die dag wat jy weer moet wegry." Kom luister na die mooi, kostelike en hartseer vertelkuns op sy beste, saamgestel uit die gewilde Dana se stories oor families en huishoudings.
6 Maart 13:00 en 20:15 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 120min | R80

Jan Harm - Singstories
Die debuutproduksie van Jan Harm, bekend vir sy kaperjolle op RSG Ontbytsake, bring 'n versameling bekende én oorspronklike liedjies, asook stories uit sy kinderjare. Om die nostalgie aan te wakker, word herinneringe visueel voorgestel deur 8mm film-beeldmateriaal uit die 1970's en 80's.
7 Maart 13:00 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 90min | R80

Loslippig
Kom lag saam met RSG se *Loslip*-aanbieder Ian Wessels in sy eenmankomedie wat ondersoek hoe verskillend bo- en onderdorpenaars die lewe benader. Ian kyk na dinge soos wynproe, hoe om 'n doedie te betower, na die Afrikaans wat ons praat en die musiek wat ons luister. Regie deur Margit Meyer-Rödenbeck.
8 Maart 13:00 en 20:15 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 120min | R80

Liefdeswoorde / Mots d'Amour
Vers-en-klank van hoogstaande gehalte! Daniéle Pascal se passie en kreatiwiteit is inspirend vir medekunstenaars en bewonderaars. In dié splinternuwe produksie lewer sy niks minder nie as die hoogste standaard wat kabaretteater vereis. Afrikaanse en Franse digkuns word aangevul deur oorspronklike komposisies, van tango tot jazz.
9 Maart 13:00 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 90min | R80

Konkas vol kole
Met Danie Van Huyssteen en Gertjan Holtshauzen
Dié keur uit Koos du Plessis se verse en lirieke vertel die universele verhaal van 'n worsteling met jou innerlike bagasie. Die gedigte verwoord die stryd in die hede, en die liedere roep terugflitse uit die verlede op. 'n Produksie waarmee almal kan identifiseer.
9 Maart 20:15 | Dorpstraat Restaurant Teater @ Summerhill | 90min | R80

Oude Libertas Amfiteater

Binnekamer met Amanda Strydom
Deur Deon Opperman. Met Amanda Strydom en Janine Neethling
Ons eie diva, Amanda Strydom, het sonder om twee keer te dink ja gesê toe Hertzogprys-wenner Deon Opperman en musieklegende Janine Neethling haar genader het vir dié produksie. Amanda is voor die mikrofoon, Janine agter die klavier en Deon in die agtergrond as skrywer en regisseur. Drie besonderse teatermense, een besonderse vertoning!
7 Maart 20:15 | Oude Libertas Amfiteater | 70min | R80, R90, R100

Neethlingshof Slenterfees
In samewerking met kykNET en BOS Ice Tea
'n Interaktiewe vars kunstefees-in-die-kleine met iets vir almal – fynproewers, wynliefhebbers, buitemense en gesinne. Na verlede jaar se sukses doen ons vanjaar die groen ding en fokus op biodiversiteit, met 'n ander formaat: slenterfeesgangers kuier op hul eie tyd en loer in by enige of alles van die volgende – en by nog 'n paar verrassings:
- braaipraatjies met Jan Braai – en dalk maak Jack Parow en sy braaisous ook 'n draai
- voëlkyksessie saam met *Groen*-aanbieder Dave Pepler
- voorlesing van groen gedigte deur Bibi Slippers, LitNet se poësieredakteur
- die gewilde trekkerrit met trekklavierklanke
- groepsuitstalling van die Botaniese Kunsvereniging van Suid-Afrika
- wynproe, met groen geregte
- kinderspeletjies met Bazoo die bergskilpad
- skemerkonsert met Romanz & Die Gugulethu Tenore*

*Die Slenterfees sluit 'n wynproe en peuselhappies in, asook toegang na die skemerkonsert met Romanz en die Gugulethu Tenore. Sien kykNET Piekniekkonserte se program onder vir meer besonderhede.
4 Maart 12:00 | Neethlingshof | 300min | R160 (kinders O/12 Gratis)

kykNET Piekniekkonserte @ Neethlingshof
Kom span uit op Neethlingshof wynlandgoed se groen gras langs die dam, tussen bome en met 'n prag-uitsig op die Stellenbosse berge, vir 'n reeks piekniekkonserte met uitsonderlike musikante en groot geeste in verskillende genres.

Romanz & Die Gugulethu Tenore
Al verskil hul musikale invloede, style en agtergronde toon Romanz en Die Gugulethu Tenore baie ooreenkomste: albei groepe bestaan uit vier 'gewone' ouens met buitengewone stemme wat uit hul harte sing en gehore telkens bekoor, en beide is al beskryf as Suid-Afrika se *Il Divo*. Romanz sing kontemporêre musiek met 'n ligte klassieke aanslag en Die Gugulethu Tenore is 'n Afro-opera pop-sensasie. Iets vir die oog en die oor!
4 Maart 18:00 | Neethlingshof | 70min | R90 (R60 studente)

Kitaarkonings
Een man, een kitaar, een verhoog, één aand. Vyf briljante kitaarspelers in verskillende genres, style en ritmes kom wys hul slag: die klassieke maestro James Grace, die veelsydige *fingerstyle* storieverteller Tony Cox, die dromerige Afro-jazzo Louis Mhlanga, die magiese blues-man Dan Patlansky en Richard Onraet, wat verstom met towerhase uit die kitaar se houthoed.
5 Maart 20:15 | Neethlingshof | 110min | R90 (R60 studente)

Kurt Darren en Koos Kombuis
Kurt se grootste treffers en Koos se *B-sides* – 'n aweregse kombinasie eie aan die Woordfees! Kurt se

langverwagte Grootste Treffers Toer gooi 'n Kaapse draai met 'n vol orkes, dansers, en al sy grootste en jongste treffers. Die ander blouoogseun, maar 'n stouter een, is Koos Kombuis ...
9 Maart 20:15 | Neethlingshof | 90min | R90 (R60 studente)

Die Heuwels Fantasties
Dié groep het die plaaslike musiekrekords laat spat met hul 2011 CD, *Wilder as die Wildtuin*: goue status binne 6 maande; Nommer 1-posisies op al wat 'n topverkoperlys is, en samewerking met verskeie plaaslike én internasionale A-lys kunstenaars. Maak jou tuis in die mitiese plek wat die Heuwels Fantasties is. 'n Fantastiese vertoning!
10 Maart 20:15 | Neethlingshof | 90min | R90 (R60 studente)

Chris Chameleon & Kaleidoskoop
Behalwe vir sy buitengewone stemkunsies, humorsin en woordvernuf, is Chris Chameleon ook 'n groen-aktivis en ambassadeur vir Leadership for Conservation Africa. In 2011 het sy 'Minutes to Midnight' die fokus op omgewingsake laat val. Chameleon: akoesties en intiem op die lowergroen Neethlingshof. Kaleidskoop warm die verhoog op.
11 Maart 18:00 | Neethlingshof | 120min | R90 (R60 studente)

Spier Amfiteater

Vusi Mahlasela & Lize Beekman
Die immergewilde, veelbekroonde Lize Beekman en wêreldberoemde musieklegende Vusi Mahlasela kom bymekaar vir dié eenmalige vertoning. Saam is hulle bekend vir die liedjie 'All the same' vir hul fondsinsamelingsprojek vir Vigs-wesies en -pasiënte. 'n Baie spesiale vertoning met twee van die land se voorste musiek-uitvoerprodukte.
2 Maart 20:15 | Spier | 90min | R90, R120, R150

Droomvrou
'n Tale be Told-produksie. Met Brandon October, Richard van der Westhuizen en Antonina Dariienko. Vervaardiger: Ingrid Howard
Die lewensverhaal van Antonina Dariienko kristalliseer uit Lucas Maree se musiekskatkis. Camillo Lombaard versorg die musiek en die formidabele Anna Davel en Jak de Priester is mede-regisseurs van dié trefferproduksie. Dariienko bring 'n vars, sensuele krag al die pad uit die Oekraïne – 'n ware 'Droomvrou' met talent, wilskrag, en deursettingsvermoë.
3 Maart 20:15 | Spier | 90min | R90, R120, R150

Karen Zoid & Zolani Mahola
Zolani Mahola is die supergewilde voorsanger van die Grammy-bekroonde Freshly Ground. Karen Zoid is die SAMA-wenner met die ysterstem, leerbaadjie en warm rock-snare. Hulle kom lewer 'n dubbelloop-sarsie briljante musiek wat begin en eindig met 'n Z!
7 Maart 20:15 | Spier | 90min | R90, R120, R150

Spirito
Ondersteun deur Distell en die ATKV. Met Zanne Stapelberg, Minette du Toit-Pearce, Tygerberg Kinderkoor, Solms Delta-orkes met Adriaan Brand en Les Javan
Spirito is 'n unieke musiekproduksie gebaseer op Amerikaanse 'spirituals', vermeng met Afrikaans, Kaaps-Maleis en Afrika-tale. Vanjaar word dié pragproduksie gekombineer met die Woordfees se Koorsig Gala, die tradisionele hoogtepunt waarop die feesprogram afsluit. Die kunstenaars sal gehoorlede onder die sterre verruk en verryk met hul unieke vermenging van style.
11 Maart 20:15 | Spier | 90min | R90, R120, R150

Japie Krige Ouditorium

Rooiwynliefde
Die bekroonde Helena Hettema se nuwe album *Rooiwynliefde* word bekendgestel met die jong stemme van die Paul Roos Gimnasium Seunskoor. Hulle sing 'n kombinasie van ou en nuwe treffers, soos Helena se gewilde 'Sonkring' en 'Tolbos in die wind', treffers van Brel en Piaf, asook snitte van 'Rooiwynliefde'. Deetlefs Landgoed verskaf rooiwyn.
2 Maart 18:00 | Japie Krige | 90min | R90

Jak de Priester – van Nougat tot nou
Jak de Priester vier sy 10de jaar in die bedryf met 'n pragtige konsert wat sy reis as liedjieskrywer vasvang. 'Sally Williams Nougat' was sy eerste treffer. Tien jaar later het 'n hele paar nuwes in mense se harte

gekruip. Kom geniet die hartebreker met die kuif en kordate kommentaar.
5 Maart 18:00 | Japie Krige | 90min | R90 (R60 studente)

Suiderkruis Mis
'n Maniac Music-produksie. Deur André Strijdom. Met Francois van Coke, Leroi Nel, Annalie Herbst, Klein Libertas Teater Koor en ander
Gebaseer op die tradisionele vyf dele van die Katolieke Mis, gebruik Strijdom herkenbare en geliefde musiekstyle om 'n feestelike werk te skep waarin Suid-Afrikaanse kulture 'n mosaïek vorm. Rock, luister- en FAK-liedjies saam met township-jive en mbaquanga, neem die gehoor mee op 'n ware Ubuntu-reis.
6 Maart 18:00 | Japie Krige | 90min | R90 (R60 studente)

Beautiful, beautiful piano 2
Die sjarmante pianis en mengeldrankie-connoisseur Rocco de Villiers geniet groot aanhang vir sy instrumentale musiek. Sy unieke, flambojante, teatrale en energieke kreatiwiteit vind oral byval. *Beautiful, beautiful piano 2* volg op sy 2011-blitsverkoper. Geniet sy groen musiekvingers by die Woordfees!
8 Maart 18:00 | Japie Krige | 90min | R95 (R75 studente)

Vier klaviere in groen
Met Niël Rademan, Lucas Heinen, Winand Grundling en Ronella van Rensburg
Populêre musiek in 'n meer klasieke sleutel. Vier klaviere op die verhoog praat die taal van ons harte. Verwag enigiets – van 'Groen koringlande' tot 'Groen is die land van Natal' – teen die agtergrond van reusebeelde van landskapskunswerke deur Strijdom van der Merwe.
9 Maart 18:00 | Paul Roos Sentrum | 90min | R100

Coenie de Villiers: Hart van glas
Coenie was onlangs vir die eerste keer in drie jaar terug in die ateljee. *Hart van Glas* is die produk waarmee dié immergroen Afrikaanse ikoon opnuut bewys dat dit onmoontlik is om sy skeppende vermoëns in 'n blik te druk. Maak jou reg vir *vintage* De Villiers met musiek en liriek wat grense verskuif.
10 Maart 18:00 | Japie Krige | 90min | R95 (R75 studente)

Die Woodmill-mark
Kuier lekker met die Woodmill-mark se spog-aanbod van wyn, kos en handgemaakte ware. 'n Steinhoff Properties-ontwikkeling. Mark oop vanaf 17:00

Radio Reggae
Kom wieg saam op die maat van die lekkerste ritmes in die land. 'n Aand propvol reggae – plaaslik, oorspronklik en lewendig, soos dit hoort. Met oorspronklike musiek vir oorspronklike mense: Tidal Waves, al die pad van Gauteng; Country Conquerors – Greyton se antwoord op Bob Marley, en Kaapse *grooves* van The Rivertones.
2 Maart 19:00 | Die Woodmill-mark | 180min | R60

Forever 27 Club
'n Huldeblyk aan musieklegendes wat op 27 tragies gesterf het: Morrison, Joplin, Hendrix, Winehouse, Cobain, en Jones. Gaskunstenaars: Piet Botha, Les Javan, Gerald Clark, Voortvlugtend en vele meer. Met Free Mouth Blues Trio as die anker-orkes. Regie: Sven Blumer.
9 Maart 19:00 | Die Woodmill-mark | 180min | R60

Aan de Braak-fees

Kabaret met Marlie Kock
Marlie Kock het groot indruk gemaak by 2011 se Aan de Braak Deurbraakfees. Dié belowende jong sangeres en aktrise verstaan die kuns om musiek suiwer af te wissel met humor en patos. Jy sal wil glimlag, saamsing en bietjie dieper dink oor die lewe.
5 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

StraatKat Blues
Melanie Basson (alias StraatKat) sing haar eie Afrikaanse komposisies wat jou voete sal laat jeuk en jou hart sal roer. Dié nuweling vermeng jazz, blues en folk in 'n groenvars styl. Sy word ondersteun deur Eldred Schilder (baskitaar) en Carlo Fabe (tromme). 'n Katjie wat nie sonder handskoene aangepak moet word nie!
6 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

LieSl Marx ontp(r)op
LieSl Marx op haar heel beste! Gestroop, eerlik en ontprop: net stem en klavier. Met nuwe liedjies uit haar eie pen. Daar is ook 'n prop wat rondgegooi word – wie dit vang, mag 'n ou gunsteling versoek en LieSl sing dit. Waarskuwing: jy sal nie 'n prop op hierdie 'show' wil sit nie!
7 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

Marika
Met hierdie kabaret neem die sensasionele Marika Reinke jou op 'n emosionele mallemeule met stories oor haar lewe wat in 'n ROMANZA ontaard het – by die Woordfees! Haar verwerkings van bekende nommers soos 'Daar's 'n plek', 'My baby just cares for me' en 'Ek loop die pad' sal jou laat smeek vir meer.
8 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

Groenlig-distrik
Musiekteater met Lucas Heinen en Andrea Winckler
Andrea Winckler is as uitstaande dramastudent al vir 'n Fleur du Cap benoem. In dié produksie span sy kragte saam met die ewe talentvolle Lucas Heinen, self met 'n ATKV Libretto op sy kerfstok. Die kombinasie van hierdie uitsonderlike talente voeg nuwe kwaliteit toe tot die musiekteater.
9 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

Roepwoorde
Roepwoorde roep temas soos liefde, werk, sielkundiges, protes en bekering op. Met vlymskerp lirieke, meesleurende musiek en passievolle sang sorg Hanru Niemand en Frieda van den Heever vir 'n sielservaring, 'n ontdekkingsreis op die pad van groentjie na grysaard.
10 Maart 20:00 | Aan de Braak Teater-kroeg | 60min | R60

Ousus in die Groen Kamer
Voel jy alleen? Het niemand jou lief nie? Moenie moed opgee nie. Iemand gee om, iemand wil jou weer laat lag! Luister na Ousus. Met haar orkes sing sy al jou gunstelingtreffers in guitige, stuitige styl, soos 'Kaptein', 'Rock daai Lyfie' en 'Jy soen my nie meer nie'. (So tussen ons: Ousus is Melissa van der Spuy, 'n welbekende pianis, komponis en vervaardiger.) Voorprogram: Deurbraak-kunstenaars.
Woordfeeskunstenaars het gratis toegang tot Die Groen Kamer, waar hulle kan uitspan na 'n lang dag.
5, 6, 7, 8, 9 Maart | Aan de Braak Teater-kroeg | 22:30 tot laat | R100

Kunsfees

Feeskunstenaar Paul Emsley
Woordfeeskurator: Amanda Botha. Opgedra aan die nagedagtenis van die kunstenaar Adriaan van Zyl (1957-2006). In samewerking met die Nelson Mandela Stigting; Brundyn Gonsalves Kunsgalery, Kaapstad, en die direkteure van die Bright Stigting: Frank Kidbourn en Attie Taljaard
Hierdie retrospektiewe tentoonstelling van die internasionaal bekende Paul Emsley (1947-) bied 'n oorsig oor vyf uiteenlopende periodes. Emsley, wat sy deurbraak in 1993 op Stellenbosch gemaak het met 'n solo-uitstalling in die Sasol Kunsmuseum, se Stellenbosse periodes word o.m. gekenmerk deur aandag aan die eksperimentele, en later landskappe, met verf as voorkeurmedium. Hy is egter veral bekend vir sy buitengewoon gedetailleerde swart-en-wit tekeninge van mense, diere, blomme en die landskap, soos sy groot portrette van wêreldbekende figure – o.a. van Nelson Mandela en V.S. Naipaul, in opdrag van die National Portrait Gallery in Londen. Emsley se tegniek, gebaseer op waarneming, word vergestalt in beelde wat nooit foto-realisme word nie, maar eerder 'n besondere individuele blik op die wêreld bied, met spesifieke aandag aan die val van lig en verloop van tyd. Van Emsley, nou 'n Londenaar, se belangrikste werk uit sy Londense periode word uitgestal. Die portretstudie van Nelson Mandela word vertoon met verlof van die Nelson Mandela Stigting.
Sasol Kunsmuseum: Opening 2 Maart 18:30 vir 19:00. Spreker: Frank Kidbourn, kunsversamelaar en direkteur van die Bright Stigting. Uitstalling: 2 – 31 Maart

Ik ben een Afrikaander 2
In samewerking met Artspace, Johannesburg
'n Groepsuitstalling waarin kunstenaars Henk Serfontein, John Murray, Mea Ox, Willie Bester, Sandra Hanekom, Jaco Sieberhagen, Lien Botha, Hanneke Benade en Marieke Kruger die uitspraak van Hendrik Biebouw in Maart 1707 op Stellenbosch, 'Ik ben een Afrikaander', persoonlik interpreteer as Afrikaanssprekendes in 'n Suid-Afrika van 300 jaar later.
2 – 11 Maart | Sasol Kunsmuseum | Gratis

Klei-klank
Die keramiekkunstenaar Laura du Toit en komponis Hannelore Olivier gebruik groen-aarde klei en organiese klank in hierdie 'groen' uitstalling. Die aarde word uitgebeeld in verskillende stadia: hoe dit was en hoe dit kan word. Aanvanklik skroei en kraak geluide dissonant, maar dan harmoniseer dit in ritmes waaruit musiek ontspruit. Uiteindelik verklank dit al die tale waarin *groen* benoem word.
2 – 11 Maart | Sasol Kunsmuseum | Gratis

Rondleiding: Beeldhouer Willem Strydom
Met Amanda Botha
Willem Strydom kan beskryf word as 'n Suid-Afrikaanse Michaelangelo. Hy kap sy beelde pynlik stadig en noukeurig uit die Italiaanse marmerbronne van Pietrasanta, maar die Karoolandskap is sy kreatiewe voedingsbron. Amanda Botha vertel in haar rondleiding deur Strydom se eerste solo-uitstalling in 20 jaar o.m. hoe die kunstenaar aansluit by Thomas Aquinas se sienings.
7 Maart 13:00 | Rupert Kunsmuseum | 50min | R50

Rondleiding: Paul Emsley
Met Amanda Botha
In haar tiende en laaste jaar as Woordfeeskurator begelei Amanda Botha feesgangers deur die tentoonstelling van wêreldbekende feeskunstenaar Paul Emsley se skilderye. Sy verskaf interessante besonderhede wat die werk van die kunstenaar op unieke wyse ontsluit. 'n Móét vir kunsliefhebbers.
7 Maart 17:30 | 10 Maart 15:00 | Sasol Kunsmuseum | R30 by die deur

US Woordfees-kunsroete

Besoek een van die volgende kunsgalerye tydens jou besoek aan die US Woordfees en verkwik jou siel met die beste visuele kuns wat Stellenbosch bied. Dalk loop jy 'n winskopie raak om jou eie versameling mee aan te vul:

Die Oude Libertas Kunsgalery
Hoek van Oude Libertas- & Adam Tasweg, Stellenbosch

Groen Sanctus – met kleur en klank
Groen is die kleur van lewe... met visuele kunstenaars soos Willie Bester, Lynne Smuts, Titia Ballot, Strijdom van der Merwe, Jaco Sieberhagen, Keith Dietrich, Tertia du Toit, Amanda de Wet, Shany van den Berg, Alida Bothma, Danie Louw, David Jones, Andrieta Wenzel, Marius Lourens, Wehrner Lemmer en Jacques de Jager.

Ma-Vry 09:00-16:00 | Sat 9:00-13:00 | Tel: 021-809 7463

Rupert Museum
Stellentialaan, Stellenbosch

Verskeie kunstenaars
Kom besigtig Willem Strydom se tentoonstelling van beeldhouwerke en tekeninge, die Johannesburgse stasiepanele van J.H. Pieneef, asook werke van ander bekende kunstenaars soos o.a. Irma Stern, Anton van Wouw, Cecil Higgs en Jean Welz.
Ma-Vry 09:30-13:00; 14:00-16:00 Sat 10:00-13:00 | Tel: 021-888 3344

red black and white
Distilleryweg 5A, Bosman's Crossing, Stellenbosch

Objek
'n Uitstalling van kunsmeubelstukke wat die grense van tradisionele vorms en funksies uitdaag om as beelde of kunsobjekte gestalte te vind. Om by die Woordfees se groen-tema te pas, herwin kunstenaars ou of gebreekte meubels, of dele daarvan, en gebruik dit in nuwe gedaantes in hul ontwerpe. Kom kyk hoe vernuwe Strijdom van der Merwe, Shany van den Berg, Andile Dyalvane, Eduard Haumann, Johann Slee en Roche van den Berg.
Ma-Vry 09:00-16:00 | Sat 09:00-13:00 |Tel: 021-886 6281 | thewarehouse@mweb.co.za

Die Red Teapot Gallery
Oude Hoek-gebou, h/v Kerk- en Andringastraat (oorkant Java), Stellenbosch

Die tuiste van Stellenbosch se geliefde Portchie
'n Vreugdevolle kleur-en-kuns ervaring! Kunswerke van Portchie en ander kunstenaars is te sien, asook unieke gebruiksartikels en 'n groot verskeidenheid silwer juweliersware. Kom loer gerus in vir spesiale aanbiedinge gedurende die US Woordfees.
Ma-Vry 09:00-16:00 | Sat 09:00-13:00 | Tel: 021-883 9582; 021-883 8890

Johan Coetzee Kunsgalery
h/v Plein- en Ryneveldstraat, Stellenbosch

Verskeie kunstenaars
Op die voorpunt van die kunsfront – altyd iets besonders in hierdie galery! Die beste kunswinskopies spesiaal in die US Woordfees se groen jaar!
Ma-Vry 09:00-16:00 | Sat 09:00-13:00 | Tel: 021-886 5656 | www.coetzeeartgalleries.co.za | jcgalery@mweb.co.za

Kykfees 2012
Aangebied deur Cinemuse
As al die opwindende items op die Woordfeesprogram jou enkels laat swel en jy wil vir 'n wyle van die opwindende gedruis ontsnap, is 'n film uit toeka se dae of 'n hedendaagse treffer net die regte medisyne! By Cinemuse se Kykfees kan jy heerlik uitspan met die beste Afrikaanse rolprente op die groot skerm. Besoek www.kykfees.co.za of www.cinemuse.co.za om te kyk wat is op jou fliekspyskaart. Gaan kyk bv. *Roepman* saam met Jan van Tonder, 'n gas op ons Skrywersfees, of woon 'n werkswinkel met *Skoonheid* se regisseur by. Of daag sommer by een van die volgende rolprent-*venues* op:
5 Ryneveld Cinema | Stellenbosch Drive-In | Neelsie Cinema | AmaZink, Kayamandi.

Studente-fees

Tassenberg Straatfees
In samewerking met MK
Enige student se droom: ’n straatpartytjie op die voorstoep van die dorp se gewildste kuierplekke – Bohemia en Mystic Boer. ’n Daglange fees met ’n karnaval-atmosfeer en gesogte *bands* soos Good Luck, Isochronous, Tidal Waves, Zinkplaat, Mr Cat & The Jackal, Voortvlugtend, Saintfearless en vele meer. Dis die plek om te wees! Kaartjies net by die ingang.
3 Maart 11:00 | Victoriastraat (voor Bohemia & Mystic Boer) | 600min | R20

SuperSport-vasvra
Aangebied deur SuperSport
Maties se mans- en dameskoshuise vorm spanne om hul sportkennis teen mekaar te toets. Wonderlike pryse is op die spel. Gewilde aanbieders van *SuperSport* tree as gashere op by ’n opwindende groen en goue sportwedstryd van ’n ander aard. Kom ondersteun jou span volmondig (dit verdien ook punte) en kyk wie wen!
6 Maart 20:00 | De Vette Mossel | 60min | Gratis

Sanlam Kultuurplesier!
’n Uitstalvenster vir die beste kultuur-items van die koshuise en PSO se kultuuraande! ’n Paneel beoordelaars besoek koshuise en PSO’s voor die Woordfees om net die beste uit te kies. Informele pret vir almal met kultuurwoema! Navrae: Hannes Swart (072 621 8678).
7 Maart 19:00 | De Vette Mossel | 120min | Gratis

Drink, dig, eet!
Studentepoësie-aand aangebied deur die Adam Tas Studentevereniging. Kom geniet ’n heerlike aand met studentewoorde, uitvoerkaas en Drostdy-Hof wyn. Studente dra hul gedigte voor en die gehoor kry ’n kans om saam te dig. Onthou: eerder ’n bloutjie loop as ’n groentjie bly! Kaartjies slegs by die deur.
8 Maart 19:00 | Boektent | 120 minute | R20

ATKV Debat-finaal – Stellenbosch-uitdunne
Aangebied deur die ATKV en die SR
Ongeveer 20 spanne van verskillende koshuise en PSO’s redeneer sake uit in die finale US-rondte van die ATKV Universiteite-debatkompetisie. Stellenbosse kampuswenners dring deur na die landwye finaal in Pretoria later vanjaar. Dis geen groentjies hierdie nie! Vir meer inligting, skakel Naomi Bruwer: 072 341 9258.
9 Maart 19:00 | Plataan-kafee | 120min | Gratis

Black Bottle presents "Black is Back"
Featuring: DJ Black Coffee, Boland’s Finest, DJ Joni Ranton and Tornik DJ, Pisce DJ (R.O.A.R.) in a night of amazing highlights.
Dress code: touch of black.
9 March 20:00 | Klein Libertas Theatre | 300min | R50 (R30 students)

Mensverf en Groen Maskerade
Die opwindende jaarlikse Mensverf-kompetisie lewer unieke lyfkunswerke. PSO’s en koshuise neem deel in spanne van vier, waar een persoon geverf word en die res Picasso speel... Mensverf-deelnemers word dan deel van die Groen Maskerade-optog wat eindig by die WOW Karnaval op die Van der Stel Sportterrein. Wen pryse deur saam te loop in hierdie optog met jou eie masker van herwinbare materiaal! Meld om 11:30 op Die Braak aan vir ’n heerlike dag saam met die Stellenbosch-gemeenskap. Inskrywingsvorms by die SR-kantoor. Navrae: Nadia Hefer (072 600 7901).
10 Maart 11:30 | Die Braak | Gratis vir studente

Koowee Kinderfees

Koop ’n dagkaartjie vir al drie produksies by Oude Libertas Amfiteater vir slegs R100!

Tjiff en Tjaff
Die gewilde kinderreeks, *Tjiff en Tjaff*, wat weeksdae op kykNET se Koowee-kinderkanaal uitgesaai word, kom kuier vir ons Woordfees-maatjies. Dié twee nuuskierige groen gesiggies wat al op baie uitstappies was, nooi almal uit om deel te word van hulle avonture. Opvoedkundige vermaak vir jonk – en ouer.
10 Maart 09:00 | Oude Libertas Amfiteater | 50min | R40

Lollos 3
Boem boem, ons gaan groen! Lollos van Lalaland kom kuier weer op aarde om te sing en dans! ’n Nuwe vriendjie, Disco, kom saam. Lollos het verlede jaar ’n SAMA gewen vir hul CD, *Bons dat dit gons!* Kom kyk net hoe gaan hulle tekere – jy wil dit nie mis nie!
10 Maart 10:00 | Oude Libertas Amfiteater | 50min | R40

Poppie en Bongo

Aangebied deur Spektrum Kinderteater en Bongopop Media
Poppie en Bongo is die hoofspelers in 'n kraakvars, prettige, eg-Afrikaanse poppekas vir kinders van alle ouderdomme. Poppie en Bongo is lekker maats wat baie maltrap avonture beleef. 'n Lewensgrote interaktiewe poppespel wat almal bekoor – en hulle eerste CD kan gekoop word!
10 Maart 11:00 | Oude Libertas Amfiteater | 50min | R40

Bazoo en die spookpaddas
Aangebied deur Spektrum Kinderteater
Dempies Dassie is die nuwe hoofspeurder van Fynbosbuurt. Sy eerste uitdaging is: wat het geword van die spookpaddas? Hy roep die hulp in van Bazoo, die vriendelike skilpad en slimste Fynbosbuurt-inwoner. Op hulle speurtog help verskeie kleurvolle karakters om die spookpadda-raaisel op te los.
11 Maart 12:00 | DelVera | 50min | R40

Koowee Kinderfees

Vir inligting oor deelname, skakel Shireen Crotz (021-808 9106)

Woorde Open Wêrelde (WOW) Projek

Ondersteun deur Die Dagbreek Trust, ATKV, Checkers, Hiemstra-Trust, Provincie Antwerpen en Provincie Oost-Vlaanderen

Die WOW jaarprojek van die US Woordfees, wat sedert 2003 bestaan, het in 2011 meer as 83,000 persone bereik. Dit open leerders, die groen koring op ons land, se oë vir ruimer moontlikhede in 'n groter wêreld en bemagtig hulle deur blootstelling aan meer as 30 kreatiewe projek-aksies gerig op die bevordering van lees, die letterkunde en die kunste, omdat taalkennis ten grondslag lê aan alle skoolvakke. Inligting oor tersiêre studie help leerders se potensiaal ontsluit, ondersteun deur WOW en ander studiebeurse.

WOW Skrywersfees

Moontlik gemaak deur LAPA

Spesiaal vir ons kleinspan. Leerders, o.a. van die WOW leeskringe by 10 hoër- en laerskole wat jaarliks kinder- en jeugboeke vir die ATKV Woordveertjies beoordeel, ontmoet hul gunstelingskrywers eerstehands en leer self stories skryf.

Graad 3: *Leah se meermin* – Nanette van Rooyen

Nanette van Rooyen bied 'n gesellige program aan vir die jongste lede van WOW leeskringe, met 'n meermin(pop) wat saamkom. Dié bekroonde kinderboekskrywer gee wenke vir jong aspirantskrywers en beantwoord al lees-agies se vrae. Leerders proe hoe smaak meerminkos en ontwerp 'n nuwe modieuse, kleurvolle stert vir die meermin.

5 Maart 09:30 | Van der Stel Sportgronde: Van der Stel-saal | 90min | Gratis

Graad 4-5: *Klou* – Fanie Viljoen

'n Fantastiese ervaring saam met *Klou* se skrywer! Die bekroonde Fanie Viljoen bied 'n opwindende program aan en vertel van die lewe wat skrywers lei. Deelnemers kry 'n humoristiese blik op die dierewêreld en leer hoe om op te staan teen boelies. Fanie laat hulle ook Superman speel!

6 Maart 09:30 | Van der Stel Sportgronde: Van der Stel-saal | 90min | Gratis

Graad 6-7: *Nova: Vuurdoop* – Fanie Viljoen

Fanie Viljoen neem leerders op 'n toer deur die kosmos saam met al die *Nova*-karakters. Dus: Woorde Open Planete! Hy vertel ook hoe mens 'n skrywer word, voordat elkeen 'n ruimtemonster-masker ontwerp uit herwinbare materiaal. Energieke fasiliteerders help leeskringe stig met 'n leesprogram wat agterna in die skool gevolg word.

7 Maart 09:30 | Van der Stel Sportgronde: Van der Stel-saal | 90min | Gratis

Graad 8 – 10: *thomas@rockster.net* – Carina Diedericks-Hugo

Die bekroonde Carina Diedericks-Hugo bied vir ons meer senior leerders 'n wonderlike sessie aan oor hoe tegnologie die leeservaring kan versterk. *thomas@rockster.net* was die eerste Afrikaanse boek met QR-kodes; nou kan lesers dié opwindende nuwe leeservaring eerstehands beleef. Leeskringe kies hul eie bestuurslede en stel 'n lees-jaarprogram op.

8 Maart 09:30 | Van der Stel Sportgronde: Van der Stel-saal | 90min | Gratis

Billike boeke

'n Eerste vir die WOW projek! Lekkerlees LAPA-boeke is teen billike pryse beskikbaar by die WOW Skrywersfees. Boekpryse wissel tussen R10 vir die gewilde *Duidelike grappe* tot R200 vir fantastiese naslaanbronne. Deelnemers aan Gatiepie se grappies-werkswinkel moet uitkyk vir Gatiepie se splinternuwe skreeusnaakse grapboek – vir die eerste keer beskikbaar by Woordfees 2012!

5-8, 10 Maart 09:30-11:30 | Van der Stel Sportgronde: Van der Stel-saal

Spesiaal vir die seniors!

WOW Dag vir Graad 12's

Ondersteun deur Shoprite/Checkers

Nagraadse studente in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe gesels met voornemende studente en motiveer hulle om hul droom by die US na te jaag. Daarna maak Afrikaans-spesialiste van die WKOD hulle touwys oor Vraestel 3. Na 'n sessie oor die US o.l.v. Beverley Fanella en haar studentespan beweeg almal na die Van der Stel Sportterrein waar hulle vir Vinette Ebrahim, Christo Davids en Terence Abrahams van *Ellen Pakkies*-faam ontmoet. Ivor Price is die gespreksleier en hanteer vrae uit die gehoor. 'n Musiekuitvoering en die heerlike WOW Karnaval volg!

10 Maart 08:00 | Opvoedkunde: 1028 en 3001, Lettere: 230, Ou Hoofgebou: 2027, Geologie: 1004 | 400min | Gratis

WOW Skryfskool vir Hoërskool-leerders
In samewerking met LAPA
Die tweede WOW Skryfskool word aangebied deur skrywer Nanette van Rooyen. Sy maak leerders op 'n prettige manier touwys oor skryf. Deelnemers kry 'n boek deur Nanette, wat begrip vir die nuwe vaardighede maklik laat inskop.
9 Maart | 14:00 | Lettere: 222 | 180min | R80

WOW Debatfees
Ondersteun deur die ATKV, Paarl Media, LAPA en NB-Uitgewers
In die 3de WOW Debatfees kompeteer 32 skole in die kategorieë 'nuwe besems' en 'Ou hande'. Leerders en onderwysers kry vooraf opleidingmateriaal, waarna die groot debat begin. Die 10 topskole in die 'nuwe besems'-afdeling vorder outomaties na die volgende rondte in die ATKV se debatkompetisie.
10 Maart 09:00 – 15:00 | Luckhoff Hoërskool | R100 per leerder

WOW Skoolkoerantprojek
In samewerking met *Son*
'n Voldagprogram met werksessies vir 150 leerders en onderwysers oor aspekte van die joernalistiek en hoe om 'n skoolkoerant interessant en prakties aan te pak, is in Januarie 2012 by *Son* aangebied. Tydens hierdie geleentheid kom stal leerders hul eie koerante uit en beantwoord vrae van die beoordelaars. Beoordeling vind plaas en fantastiese pryse word toegeken.
10 Maart 10:00 | Van der Stel Sportterrein: Hoofsaal | 180min | Gratis

WOW Visuele Kuns-werkswinkel
In samewerking met US Departement Visuele Kuns
In dié werksessie vir 70 leerders en onderwysers in juweliersontwerp, leer Verna Jooste en haar studente deelnemers hoe om koperjuwele te maak. Voornemende studente in Visuele Kuns ontvang waardevolle inligting en hulp oor die saamstel van 'n goeie portfolio vir keuring tot die graadprogram.
10 Maart 09:00 | Visuele Kuns-gebou | 240min Gratis

Spesiaal vir die juniors!

Woelige werkswinkels: *Opskryf, Opsê, Opvoer – WOW!!*
Werkswinkels vol verrassings! 50 deelnemers leer hoe om stories te skryf, woordkuns voor te dra en liedjies te komponeer. Kom slyp jou talente – wie weet, dalk is jy die Emo Adams of Koekie Loekie van môre!
10 Maart 10:00 | PJ Olivier Kunssentrum | 180min | Gratis

Verf-en-Vers werkswinkels
Dié werkswinkels wakker kreatiwiteit en 'n liefde vir lees aan by leerders in die grondslag- en intermediêre fases, en motiveer opvoeders om taal-onderrig vernuwend en kreatief aan te pak. Leerders leer tegnieke aan in kreatiewe skryf, visuele geletterdheid, teken- en verfwerk, asook vingerverf. Jong leerders skryf hulle eie gediggies en beeld dit uit op 'n kleurvolle A3-plakkaat. Die beste plakkate wat inskryf vir WOW se jaarlikse Verf-en-Vers kompetisie wat in November sluit, kry kontant- en boekpryse, verskaf deur Leserskring, en wenners word by die WOORDtroFEES vereer.
10 Maart 10:00 | PJ Olivier Kunssentrum | 180min | Gratis

Kunsuitstalling: Verf-en-Vers-wenners
Die uitstalling van leerders se kunswerke maak deel uit van die Woordfees se fokus op woord en beeld. Boek- en geldpryse word jaarliks aan wenners uitgedeel vir kleurryke plakkate met gedigte in 'n kompetisie wat groot reaksie by skole uitlok. Inskrywings word vanoor die hele Wes-Kaap ontvang.
10 Maart | PJ Olivier Kunssentrum | Gratis

Spesiaal vir die onderwysers!

WOW Dag vir onderwysers
Onderwysers en finale jaar-studente van UWK ontmoet Wium van Zyl, die vertaler van A.H.M. Scholtz se *Vatmaar*. Christine Wessels en Ivor Price van RSG praat met die skrywer. Onderwysers stel vrae en ontvang waardevolle wenke. Hierna volg 'n forumgesprek en oor taalbemagtiging, waarin 'n paneel kundiges gesels oor opvoeders se rol in die ontwikkeling van leerders se taalvaardigheid, met insette deur opvoeders. Woordfeesdirekteur Dorothea van Zyl sluit die sessie af na 'n heerlike seekosmaal in De Vette Mossel.
10 Maart 10:00 | De Vette Mossel | 210min | Gratis

Spesiaal vir ons gemeenskap!

Langarm Snack Dans
(Ten bate van ons gemeenskap)
Oud en jonk kan oudergewoonte weer hulle dansskoene uithaal en hulle passies by die Woordfees kom maak. Kom vier die langarm-tradisie saam met ons! Musiek deur die Paddy's Dance Band.
2 Maart 20:00 | A.F. Louw-skoolsaal | 240min | R60 (ligte verversings ingesluit)

WOW Musiekwerkswinkel
In samewerking met US Departement Musiek
'n Koperblaasinstrument-werkswinkel vir gemeenskapsorkeste onder leiding van die befaamde Harmonic Brass kwintet uit Duitsland! Eers maak die kundige Duitsers deelnemers touwys in die fyner kunsies van blaas; dan wys hulle met 'n uitvoering waarom hulle wêreldwyd gehore gaande het.
3 Maart 09:00 – 15:00 | Endler-saal | 360min | Gratis

WOW Karnaval
In samewerking met *Son*
Karnaval 2012 is 'n hoogtepunt op die Woorde Open Wêrelde program, met kunstenaars soos Emo en Lukmaan Adams, *Idol* Kelly, The Rockets, die N2 jazz band, Karin Kortjé, Salome, die immergewilde Koekie Loekie en die Bakgat Boyz. Plaaslike kunstenaars kom ook hulle talent wys. WOW skole se hip-hop dansers spook dit Vrydag 9 Maart vanaf 16:00 in die WOW Hip-Hop kampioenskap. Gesonde en veilige gesinsvermaak, met 'n klomp stalletjies en pretritte vir die jongspan. Vir grootmense bied die biertent koel lafenis teen die hitte.
9 Maart 16:00 – 23:00, 10 Maart 14:00 – 23:00 | Van der Stel Sportterrein | R10 vir leerders, R25 vir volwassenes

DONATEURS EN VENNOTE

HOOFDONATEURS
Universiteit Stellenbosch
Die Burger (Media24)
Sanlam (Dramafees & Kabaret)
Dagbreek Trust (WOW)
ATKV (WOW)

SENIOR DONATEURS
US Fakulteit Lettere
Naspers
Het Jan Marais Nationale Fonds
Nederlandse Taalunie
Kaapse Forum vir Neerlandistiek
Provincie Antwerpen
LW Hiemstra Trust
Vlaams SA Kultuurstigting
Van Ewijck-Stigting
Rupert-Musiekstigting

DONATEURS
Dirk Hertzog
Distell
Fonds Neerlandistiek
Provincie Oost-Vlaanderen

PRODUKSIEVENNOTE
Aan de Braak Teater
ABSA KKNK
Breytenbach Sentrum
Klein Libertas Teater
Dokumentesentrum: US Biblioteek
LAPA-Uitgewers
NB-Uitgewers
Neelsie Studentesentrum
SA sentrum: Nederland & Vlaandere
Stellenbosch Museum
SuperSport
Protea Boekwinkel
Umuzi
US Bemarking en Kommunikasie
US Konservatorium
Oude Libertas
Amfiteater
LitNet
Let's Play

VENUEBORGE
kykNET
Oude Libertas
Stellenrust
Universiteit Stellenbosch
De Vette Mossel
Stellenbosch Lodge

PRODUKBORGE
Maties Travel
Checkers
Die Burger
Sanlam
Sarie
Spier
kykNET
Koowee
Creative Gear
Elite Marquees

DRANKBORGE
Beyerskloof
Blaauwklippen
Black Bottle Scotch Whisky
Delheim
Drostdy-Hof
Kaapzicht
Mooiplaas
Muratie
Overgauw

MEDIAVENNOTE
Die Burger
RSG Nuus
RSG
Sarie
Eikestadnuus
LitNet
Radio Helderberg
Son
Matieland
Die Matie
Kampusnuus
Distrikpos
FMR
www.versindaba.co.za
MFM

KOÖRDINEERDERS
Sanlam Dramafees: Saartjie Botha
Feeskurator: Amanda Botha
Kunsroete-kurator: Theo Kleynhans
SASOL-kurator: Ullrich Wolff
Musiek: Bertie Coetzee
Karnaval: Eric Arnolds
Sanlam nagKAT: Niël Rademan
Diskoers: Laurie Gaum
ATKV Skoledebatkompetisie: Marieta Nel
Tegnies: Pieter-Jan Kapp
Webwerf: Mari Retief
Program & Plakkaatuitleg: Christa van Zyl
Plakkaat-kunswerk: Theo-Paul Vorster